J.W. Grobbelaar.

INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| I | Verblyf in Pretoria ................ | par. 1 - 7 |
| II | Vertrek na Kaapstad en Antarktika .... | par. 8 - 19 |
| III | Op die RSA .......................... | par. 20 - 28 |
| IV | Vreemde Basisse en aankoms van RSA in Antarktika .................. | par. 29 - 50 |
| V | SANAE ............................... | par. 51 - 52 |
| VI | Handhawing van Wet en Orde .......... | par. 53 - 57 |
| VII | Oorname van die Basis ............... | par. 58 - 68 |
| VIII | Bestuur van die Basis ............... | par. 69 - 76 |
| IX | Huishouding ......................... | par. 77 - 95 |
| X | Geboue en installasies .............. | par. 96 - 102 en bls. 13A, B, C en D |
| XI | Noodtoestand ........................ | par. 103 - 114 |
| XII | Toerusting .......................... | par. 115 - 126 |
| XIII | Brandbeveiliging van die Basis ...... | par. 127 - 135 |
| XIV | Optrede in geval van 'n brand ....... | par. 136 - 148 |
| XV | Vervoer.............................. | par. 149 - 152 |
| XVI | Versorging van honde ................ | par. 153 |
| XVII | Staatseiendom ....................... | par. 154 - 155 |
| XVIII | Mediese Sake en -Voorrade ........... | par. 156 - 161 |
| XIX | Amptelike korrespondensie en Telefoonverbinding ..................... | par. 162 - 168 |
| XX | Privaatkorrespondensie, Blombestellings en Radiotelefoonverbinding ..... | par. 169 - 184 |
| XXI | Veldekspedisies ..................... | par. 185 - 195 |
| XXII | Beskerming van Fauna en Flora ....... | par. 196 - 208 |
| XXIII | Ontspanning ......................... | par. 209 - 213 |
| XXIV | Voorrade-instruksies ................ | par. 214 - 229 |
| XXV | Implementering van Kaartrekord ten opsigte van voedselvoorrade .......... | par. 230 - 239 |
| XXVI | Pligte van Kommissarisse van Ede ..... | par. 240 - 245 |
| XXVII | Terugkeer na die Republiek .......... | par. 246 - 249 |

## HANDLEIDING : ANTARKTIKA.

I. VERBLYF IN PRETORIA.

1. Na aanstelling kom ekspedisielede in Pretoria bymekaar op 'n datum soos aangedui in die aanstellingsbrief. Pretoria word beskou as die hoofkwartier van ekspedisielede behalwe in gevalle waar anders aangedui.

2. Gedurende die laaste gedeelte van November tot voor die vertrek van die ekspedisie na Antarktika aan die einde van Desember sal die hele span in 'n militêre kamp op Voortrekkerhoogte tuisgaan. Dit is verpligtend dat alle ekspedisielede met hierdie reëling inval aangesien daar gedurende hierdie tydperk intensiewe onderrig in verskillende aangeleenthede soos brandbestryding, kookkuns, liggaamlike opvoeding ensomeer gegee sal word.

3. Die koste verbonde aan die verblyf op Voortrekkerhoogte wat ongeveer R1.00 (30c akkommodasie en 70c vir rantsoene per persoon) per dag bedra, sal deur ekspedisielede gedra word. Menasiegelde is hierby uitgesluit.

4. Tydens verblyf aldaar is ekspedisielede onder militêre gesag en sal gevolglik alle reëlings van die militêre owerhede eerbiedig. Hulle sal in die verband nader deur die kursusleier ingelig word.

5. Die ekspedisieleier is die amptelike mondstuk van die ekspedisie en enige probleme moet deur hom met die Departement van Vervoer opgeneem word. Op Voortrekkerhoogte sal hy die Departement via die kursusleier nader.

6. Reëlings in verband met persoonlike aangeleenthede byvoorbeeld lewensversekering moet sover moontlik voor die opleidingskursus gefinaliseer word. In Pretoria moet die leier egter instaan vir die reëlings in verband met die amptelike paspoorte en inentings. Foto's sal deur die Departementele fotograaf geneem word. Paspoortvorms is by die Algemene Afdeling verkrygbaar. Daar moet ook met die Salarisafdeling gereël word in verband met finansiële sake. Dit is belangrik dat al die verskillende reëlings nie individueel moet geskied nie. Die leier moet toesien dat elke reëling deur die groep gesamentlik afgehandel word.

7. Die verpakking en versending van wetenskaplike apparaat en persoonlike besittings kan met die Kontroleur van Voorrade bespreek word. Alle houers en kratte moet baie duidelik gemerk en betyds na die volgende adres gestuur word :

Die Voorradebeampte,
Departement van Vervoer,
Leeuwenstraat 27,
KAAPSTAD.

2/ .......

II. VERTREK VAN DIE EKSPEDISIE NA KAAPSTAD EN VERTREK NA ANTARKTIKA VANAF KAAPSTAD.

8. Na afloop van die Departement van Vervoer se kursus in Pretoria word daar aan die ekspedisielede verlof toegestaan om na hulle onderskeie tuistes te gaan totdat die ekspedisie amptelik van Pretoria vertrek.

9. Koste verbonde aan die reis na hulle tuiste en hulle verblyf daar word deur hulle self gedra.

10. Die leier moet toesien dat elke ekspedisielid 'n verlofvorm voltooi vir die werksdae waarop verlof geneem word en hy moet die verlofvorms by die Antarktiese seksie inhandig. Die Antarktiese seksie sal die dae waarvoor verlofvorms benodig word bepaal en die nodige voorligting gee.

11. Die ekspedisie vertrek amptelik vanaf Pretoria op 'n gegewe datum. Indien vooraf skriftelik aansoek gedoen word, sal verlof aan ekspedisielede toegestaan word om op 'n gegewe dag by die span in Kaapstad aan te sluit. As die versoek toegestaan word, kan ekspedisielede 'n bedrag van die Departement eis gelykstaande aan wat dit die Departement sou gekos het om die ekspedisielid vanaf Pretoria per trein na Kaapstad te vervoer.

12. Amptelike vervoer sal slegs vanaf die Kaapstadse stasie na die hawe beskikbaar gestel word vir ekspedisielede wat amptelik per trein reis. Geen ekspedisielid mag sonder die goedkeuring van die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer van amptelike vervoer gebruik maak nie. Enige versoek om vervoer moet deur die leier aan die verteenwoordiger gerig word.

13. Ekspedisielede rapporteer op 'n gegewe tyd en datum by die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer op die RSA in die Kaapstadse hawe.

14. Net daarna gaan die span in sy geheel na die voorrade depot waar beskermende klere uitgereik sal word. Na ontvangs van die klere keer die span na die RSA terug en is hulle dan vry om te kom en gaan soos hulle wil totdat die RSA vertrek.

15. Alle lede van die span moet ten minste twee uur voor die vertrek van die skip aan boord wees. As Doeane en Paspoortbeheer ander tye bepaal, moet daar gevolg aan gegee word. Die leier is verplig om toe te sien dat uitvoering hieraan gegee word. Die vertrektyd van die RSA sal so gou moontlik in Kaapstad bekend gemaak word.

16. Alle lede van die ekspedisie is verplig om amptelike onthale in Kaapstad by te woon. Kennis daarvan sal vroegtydig gegee word.

3/ ......

17. Geen ekspedisielid mag 'n onderhoud met die pers of die radio voer sonder die toestemming van die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer nie. Sulke versoeke moet deur die leier gerig word.

18. Geen ekspedisielid mag beleidsake met die pers of radio bespreek nie. Die leier en enige ander ekspedisielid sal hom uitsluitlik bepaal by persoonlike aangeleenthede en sy werksaamhede op Antarktika.

19. Geen ekspedisielid sal, sonder die toestemming van die Kaptein van die RSA, dames in hulle kajuite onthaal nie.

III. <u>OP DIE RSA.</u>

20. Die Kaptein van die RSA is in absolute beheer van die skip. Elke ekspedisielid is verplig om al sy bevele en opdragte onmiddellik en nougeset uit te voer.

21. Elke ekspedisielid is verplig om die gedragsreëls soos neergelê deur die Kaptein na te kom.

22. Kajuite word deur die Kaptein toegewys.

23. Departementele gaste op die RSA is die verantwoordelikheid van die Kaptein. Dit word egter van ekspedisielede verwag om vryelik met hulle te meng en

(a) die Antarktiese navorsingsprojek te bevorder;

(b) geen beleidsake of politiek met hulle te bespreek nie.

24. Dit is wenslik dat die leier van die ekspedisie, in samewerking met die Kaptein van die skip, reël dat praatjies of lesings deur bevoegde persone gelewer word. Praatjies of lesings moet populêr wetenskaplik wees sodat al die passasiers op die skip daaraan deel kan hê. Die Departement se gaste kan gerus daarby betrek word.

25. Elke ekspedisielid is verplig om reddingsoefeninge by te woon.

26. Saterdae hou die Kaptein van die RSA kajuitinspeksie. Ekspedisielede moet toesien dat hulle kajuite sindelik is.

27. Onder geen omstandighede mag ekspedisielede inmeng met die werksaamhede van bemanningslede, drank aan hulle verskaf, ensomeer nie.

4/ ........

28. Ekspedisielede word nie toegelaat om 'n onbeperkte hoeveelheid bagasie by hulle in die kajuit aan te hou nie. Slegs items wat tydens die reis gebruik sal word, mag aangehou word. Die res moet in die ruim van die skip gebêre word.

IV. <u>VREEMDE BASISSE</u>.

29. Geen ekspedisielid mag 'n vreemde basis besoek tensy hy daartoe aangesê word deur die leier van die ekspedisie nie.

30. Die leier of enige lid van die ekspedisie sal nie 'n vreemde basis besoek tensy hy deur die Verantwoordelike Beampte van die vreemde basis uitgenooi word.

31. Die leier sal die groep beperk tot die aantal wat uitgenooi word. Hy sal onder geen omstandighede poog om meer as die genooide aantal persone na die basis te neem nie.

32. Sy keuse ten opsigte van die persone wat hom na die basis vergesel sal beperk wees tot lede van die ekspedisie. In die eerste plek sal hy hom beperk tot die wetenskaplike lede van die ekspedisie. Daarna sal hy, indien uitgenooi, die bedryfspersoneel neem. Dit mag miskien noodsaaklik wees om die radiobediener by die eerste groep in te sluit omdat hy die sleutelfiguur by radiokommunikasie is.

33. Indien ander passasiers op die RSA na die basis uitgenooi word, sal hulle onder bheer van die leier die basis besoek. Die Kaptein sal die volgorde bepaal.

34. Die besoek aan die basis moet so kort as moontlik wees sonder om aanstoot te gee.

35. Die leier sal gepas antwoord op enige verwelkoming of onthaal. Hy sal hom beperk tot die broederskap tussen Antarktiese navorsers asook tussen die goeie samewerking tussen ledelande van die Antarktiese Verdrag. Indien daar nouer bande tussen die betrokke lande is sal hy daarvan melding maak. Internasionale politiek sal nie bespreek word nie. Nog minder sal die leier of enige ekspedisielid in enige argumente met die gashere gewikkel raak.

36. Die Kaptein sal in oorleg met die leier 'n onthaal aan die ekspedisielede van die vreemde basis aanbied. Die Kaptein en die leier sal as gashere optree.

37. Daar bestaan geen noodsaaklikheid vir enige toesprake nie. As dit wel nodig blyk is dit die rol van die leier.

5/ ........

38. Al die ekspedisielede van die vreemde basis sal nie die onthaal kan bywoon nie. Moenie daarop aandring nie. Stuur liewer 'n klein geskenkie saam vir die agterblywendes.

39. Die leier moet toesien dat besoekers aan die RSA aan die passasiers en veral die Departement se gaste, voorgestel word. Hy moet verder toesien dat hulle nie afgesonder word nie maar dat hulle ten alle tye gelukkig is.

AANKOMS VAN RSA OP ANTARKTIKA.

40. By die aankoms van die RSA by SANAE moet die leier van die vertrekkende ekspedisie in oorleg met die leier van die intrekkende ekspedisie en die Kaptein van die RSA die ontskeping van die skip belplan.

41. Die intrekkende ekspedisie is belas met die aflaai van die skip en bly dus by die skip totdat alles afgelaai is. Indien daartoe versoek deur die leier van die intrekkende ekspedisie, moet die leier van die vertrekkende ekspedisie hulp verleen met die aflaai van die skip.

42. Beide leiers is egter verantwoordelik om toe te sien dat die skip so gou moontlik afgelaai word. Buitengewone seetoestande vereis dat die skip so gou moontlik na Suid-Afrika moet terugkeer. Dit is derhalwe gebiedend noodsaaklik dat die skip teen die hoogste versnelling moontlik afgelaai word.

43. Die lede van die vertrekkende ekspedisie wat nie vir aflaai dienste afgesonder kan word nie bly by die basis om die nodige werk te doen. Hulle is verder verantwoordelik vir :

(a) departementele gaste; en

(b) hulp aan ondersoekamptenare.

44. Intrekkende wetenskaplike personeel wat by die aankoms van die skip dadelik na die basis moet vertrek om wetenskaplike werk te doen, moet van die verpligting om die skip af te laai, vrygestel word. Die Sekretaris van Vervoer alleen verleen vrystelling en reëlings moet getref word voordat die ekspedisie Suid-Afrika verlaat.

45. Beamptes van die Departement van Vervoer en beamptes van ander Departemente of werknemers van ander instansies wat spesiale ondersoeke by die basis moet gaan doen, moet onmiddellik na die basis geneem word. Hulle is vir die duur van hulle verblyf by die basis onder beheer van die leier van die vertrekkende ekspedisie. Die leier is verplig om aan hulle alle moontlike hulp te verleen om hulle werksaamhede doeltreffend en suksesvol te doen.

6/ .......

46. Beamptes genoem in paragraaf 45 sal nie met die aflaai van die skip behulpsaam wees nie tensy ander opdragte gegee word.

47. As dit sou blyk dat beamptes genoem in paragraaf 45 se werk afgehandel is, moet hulle vriendelik versoek word om na die skip terug te keer. Voordat die leier dit doen, sal hy eers vasstel dat die werk gedoen is. As beamptes die versoek verontagsaam, moet die Sekretaris van Vervoer onmiddellik in kennis gestel word. Dit geld ook vir beamptes wat doelloos by die basis rondlê.

48. Beamptes genoem in paragraaf 45 is nie hotelgaste nie en hulle is verplig om by te dra tot die huishoudelike pligte. Dit sal egter nie van hulle verwag word om pligte waar te neem wat ure in beslag neem nie.

49. Gaste van die Departement van Vervoer sal by die skip se aankoms in Antarktika die verantwoordelikheid van die vertrekkende leier word. Hy, of 'n bevoegde persoon wat hy aanwys, sal die gaste die geleentheid gee om die aflaai van die skip en die bedrywighede by die basis waar te neem. Hierdie persone moet volle geleentheid gegee word om foto's te neem en inligting in te samel in verband met die Suid-Afrikaanse Antarktiese poging. Geen kritiek teen die Staat, of enige Staatsdepartement of amptenare van Staatsdepartemente of ander instansies wat met Antarktiese sake gemoeid is, mag gelewer word nie. Die gaste moet sover as moontlik taktvol aangemoedig word om hulle eie huishoudelike verpligtinge by die basis na te kom.

50. Waarnemers van vreemde lande is die persoonlike verantwoordelikheid van die leier van die vertrekkende ekspedisie. Hulle geniet voorkeur bo alle gaste en personeel. Hulle is verteenwoordigers van hulle onderskeie lande èn geniet derhalwe die status van diplomate in Antarktika. Gevolglik sal die leier uit sy pad gaan om toe te sien dat hulle die beste behandeling kry. Die leier sal verder toesien dat hulle volle geleentheid kry om hulle verpligtinge ingevolge die Antarktiese Verdrag na te kom.

V. <u>SANAE.</u>

51. Die leier van 'n Suid-Afrikaanse Antarktiese Ekspedisie is die amptelike verteenwoordiger van die Departement van Vervoer en dus verantwoording verskuldig aan die Sekretaris van Vervoer. Alle lede van Suid-Afrikaanse Antarktiese Ekspedisies is werknemers van die Departement van Vervoer en is dus onder die beheer van die leier.

52. Die leier se pligte is die volgende :

(a) die handhawing van wet en orde in die Suid-Afrikaanse Antarktiese gebied;

7/ ......

(b) die veilige en doeltreffende bestuur van die basisse en die veldekspedisies, en

(c) toesighouding oor die doeltreffende en suksesvolle uitvoering van die wetenskaplike programme, dit wil sê hy sal nie met die programme inmeng nie, maar is verplig om toe te sien dat die wetenskaplikes die programme soos bepaal deur die programkoördineerders ten uitvoer bring.

DIE HANDHAWING VAN WET EN ORDE.

53. Die gebied in Antarktika waar Suid-Afrika navorsingswerk doen val binne die regsgebied van die Landdrosdistrik van Pretoria.

54. Suid-Afrikaanse wette is van toepassing op alle Suid-Afrikaanse burgers en alle vreemdelinge wat lede van Suid-Afrikaanse ekspedisies is.

55. Die leier en onderleier van Suid-Afrikaanse Antarktiese Ekspedisies is Kommissarisse van Ede en gemagtig om die funksies van Kommissarisse van Ede uit te oefen, gedurende hulle verblyf op Antarktika. Die prosedure wat Kommissarisse van Ede moet volg word later in hierdie handleiding uiteengesit.

56. Die leier is verplig om toe te sien dat wet en orde op die basis ten alle tye gehandhaaf word. Sake moet nie hande uitruk nie en hy moet betyds met die Departement van Vervoer in verbinding tree as hy van oordeel is dat hy die aangeleentheid moontlik nie kan beheer nie.

57. Die leier is verplig om voorskrifte wat deur die Departement van Vervoer uitgereik is met betrekking tot die veilige bestuur van die basis, veldekspedisies of enige saak wat die Departement mag goed dink, na te kom.

VII OORNAME VAN DIE BASIS.

58. Die oorname van die basis word in die eerste plek deur beide leiers en die Kaptein van die skip deeglik beplan. Dit moet sodanig beplan word dat dit deeglik, vinnig en doeltreffend gedoen word.

59. Elke wetenskaplike dissipline moet voldoende tyd gegee word om sake behoorlik te reël.

60. Indien die leiers van die ekspedisies en die Kaptein van die skip nie oor die tydperk ooreen kan kom nie, moet die aangeleentheid na die Sekretaris van Vervoer verwys word vir n beslissing. As die aangeleentheid na die Sekretaris van Vervoer verwys word, moet volledige besonderhede verstrek word waaroor daar nie tot n vergelyk gekom kan word nie.

8/ ........

61. Die vertrekkende leier en die leier van die Departement van Openbare Werke se werkspan is verplig om die details van die basis aan die intrekkende leier te verduidelik en hom op gevaarpunte met betrekking tot geboue en toerusting te wys. Die intrekkende leier is verplig om toe te sien dat opdragte in verband met die instandhouding van geboue en toerusting nagekom word.

62. By die basis is geheime verseëlde dokumente, drie gewere en ammunisie. Die vertrekkende leier moet die verseëlde dokumente, die drie gewere en die ammunisie persoonlik aan die intrekkende leier oorhandig wat die ontvangs daarvan hanteer.

63. Die voorskrifte van die Kontroleur van Voorrade in verband met die oorname van voorrade moet nagekom word.

64. Waar gemagtigde ondersoekbeamptes wysigings in administratiewe prosedure voorstel, sal sulke voorstelle voor die oorname van die basis met beide leiers bespreek word. As daar oor die prosedures ooreengekom word, sal die intrekkendd leier dit in werking moet stel. As daar nie ooreengekom kan word nie, sal die aangeleentheid na die Sekretaris van Vervoer vir 'n beslissing verwys word.

65. Die vertrekkende leier bepaal die datum en tyd waarop die basis deur die intrekkende leier oorgeneem sal word. Hy bepaal die datum en tyd nadat :

(a) hy tevrede is dat die oorhandiging van wetenskaplike programme afgehandel is;

(b) hy tevrede is dat die intrekkende leier die bestuursaspekte, insluitende huishoudelike gedragsreëls, onder beheer het·

(c) hy tevrede is dat die intrekkende ekspedisie veilig gehuisves is;

(d) spesiale ondersoeke en ander departementele roetine ondersoeke doeltreffend afgehandel is;

(e) die intrekkende leier te kenne gegee het dat hy gereed is om die basis oor te neem; en

(f) beide leiers die Sekretaris van Vervoer se goedkeuring vir die oorname verkry het.

66. Die oorname van die basis is formeel en geskied in teenwoordigheid van die landsvlag. Die volgende prosedure word gevolg:

9/ ......

(a) Lees van 'n gepaste stuk uit die Bybel.

(b) Gebed.

(c) Kort toespraak deur vertrekkende leier.

(d) Voorlees van die boodskap van die Sekretaris van Vervoer.

(e) Formele oorhandiging van basis.

(f) Kort toespraak deur intrekkende leier.

(g) Speel van Volkslied. Alle aanwesiges moet op aandag staan.

67. Tot op hierdie oomblik is die vertrekkende leier in beheer van die basis. Onmiddellik na hierdie plegtigheid neem die intrekkende leier die beheer van die basis oor.

68. Dit is wenslik, dog nie noodsaaklik, dat die vertrekkende ekspedisie onmiddellik na hierdie plegtigheid na die skip vertrek. As hulle bly, is hulle egter onder die gesag van die leier van die intrekkende ekspedisie.

VIII BESTUUR VAN DIE BASIS.

69. Die leier van die Antarktiese Ekspedisie is in absolute beheer van die basis en tree namens die Sekretaris van Vervoer op. Hy is verplig om toe te sien dat alle voorskrifte en opdragte van die Sekretaris van Vervoer nougeset uitgevoer word.

70. Elke ekspedisielid is verplig om opdragte van die leier uit te voer - hy mag nie weier om 'n opdrag uit te voer nie. 'n Ekspedisielid kan, nadat hy die opdrag uitgevoer het en hy die opdrag as onredelik beskou, die aangeleentheid weer met die leier bespreek. As hulle dan nog nie tot 'n verstandhouding kon kom nie, moet die aangeleentheid na die Sekretaris van Vervoer verwys word. Die leier sowel as die ekspedisielid moet albei hulle kant van die saak stel.

71. Ekspedisielede sal onder geen omstandighede verskille met die leier met individuele ekspedisielede bespreek en sodoende agterdog teen die leier saai nie.

72. Die leier daarenteen sal nie toelaat dat enige ekspedisielid ontevrede bly oor sy optrede nie. Hy sal sonder versuim die saak regstel en sorgdra dat die ekspedisielid gelukkig is.

73. Voordat 'n leier 'n opdrag gee, sal hy derhalwe alle kante van die saak oorweeg om te vermy dat sy leierskap in gedrang kom. Dit bring mee dat hy nie onredelik sal wees nie en ook dat hy in alle sake ferm en regverdig sal optree.

74. Ekspedisielede is verplig om met bestuursake te help. Voordat die leier egter 'n wetenskaplike met abnormale bestuursake belas, sal hy die gevolge daarvan op die uitvoering van die wetenskaplike program deeglik in aanmerking neem. Benewens dit sal hy ook die ekspedisielid se bekwaamheid om die taak uit te voer in oorweging neem.

75. Die Departement is nie in 'n posisie om 'n verskeidenheid ambagsmanne en tegnici op die basis aan te hou nie. Die ambagsmanne en tegnici wat beskikbaar is sal alles in hulle vermoë doen om sonder enige hulp van wetenskaplikes klaar te kom. Dit sal egter gebeur dat die hulp van wetenskaplikes benodig word en die leier is gemagtig om begaafde wetenskaplikes wat kan help se hulp in te roep. Die leier moet dan die nodige reëlings tref dat die ander wetenskaplikes die betrokke wetenskaplike se normale pligte behartig. Ekspedisielede mag nie weier om dit te doen nie.

76. Geen ekspedisielid mag enige bestuursake, hetsy per brief of per radiotelefoon met enige persoon buite Antarktika, en dit sluit programkoördineerders in, bespreek nie. Bestuursake is die verantwoordelikheid van die Departement van Vervoer. Alle bestuursprobleme word deur die leier by die Departement van Vervoer aanhangig gemaak.
Dit word aanbeveel dat die leier weekliks 'n vergadering belê op 'n tydstip wanneer almal vry is. Bywoning is verpligtend. Werksprogramme, probleme en sake van algemene belang moet bespreek word. Elke ekspedisielid sal die geleentheid gegun word om sy mening te lug.

IX HUISHOUDING.

77. Ekspedisielede is mede-verantwoordelik vir die huishouding by die basis. Elke ekspedisielid sal op een of ander tyd vir huishoudelike pligte afgesonder word. Elke ekspedisielid is verplig om dit te doen. Die leier is verplig om huishoudelike pligte regverdig en billik toe te wys. Die rooster vir huishoudelike pligte sal vroegtydig bekend gemaak word. Die leier alleen is gemagtig om beurte uit te ruil. Die enigste gronde waarop dit toegelaat sal word, is siekte of waar 'n persoon se werk gedurende daardie tyd van so 'n dringende aard is dat hy nie vrygestel kan word nie. Daar sal egter nie toegelaat word dat enige ekspedisielid huishoudelike pligte vryspring nie.

78. Met die oog op die radiobediener se pligte sal die leier spesiale koördinasie vir hom hê. Sy huishoudelike pligte sal beperk word tot daardie pligte wat nie beperkings op sy werk as radiobediener plaas nie.

11/ .....

79. Huishoudelike pligte moet nougeset uitgevoer word. Die leier is verplig om toe te sien dat daar nie met kos gemors word nie, dat die kos wat bedien word gebalanseerd en van 'n hoogstaande gehalte is, dat eet- en kookgerei silwerskoon gehou word en dat die basis ten alle tye netjies en skoon is.

80. Die leier is verplig om ten minste een keer per week die hele basis te inspekteer om toe te sien dat alles skoon en ordelik is.
Persoonlike sindelikheid is netso belangrik as in die Republiek en ekspedisielede is verplig om alle vuil klere en beddegoed, komberse uitgesluit, gereeld te was.

81. Die leier moet toesien dat almal op die basis, tensy dit absoluut noodsaaklik is, bedags werk en snags slaap. Onder geen omstandighede moet toegelaat word dat beamptes, wie se werksaamhede dit nie vereis nie, in die dag slaap en snags werk. Die leier is die enigste persoon, nadat die saak behoorlik gemotiveer is, wat toestemming kan verleen.

82. Groepvorming sal onder geen omstandighede toegelaat word nie. Die leier is verplig om by die eerste tekens daarvan dit onmiddellik en op taktvolle wyse teen te werk.

83. Slaapkwartiere mag vir geen ander doel as vir slaap of rus gebruik word nie. Slaapkwartiere mag nie 'n vergaderplek vir selfs 2 persone wees nie. Die bymekaarkomplek is die kombuis-, semi-eetkamer en dit moet gehandhaaf word.

84. Daar bestaan geen toiletgeriewe in die slaapkwartiere nie en geen toiletfasiliteite mag daar geskep word nie.

85. Die leier bepaal die eetgewoontes en ook die etenstye. Geen ekspedisielid sal sonder 'n wettige en gemotiveerde rede van 'n ete verskoon word nie. Dit sluit ontbyt in. Die leier is die enigste persoon wat toestemming vir afwesigheid by 'n ete mag gee.

86. Ekspedisielede moet hulle streng by die aanvaarde tafelmaniere hou. Daar moet toegesien word dat daar nie, tot oorlas van ander, daarvan afgewyk word nie.

87. Die leier is verplig om alkoholiese drank streng te beheer. Hy bepaal die drinkgewoontes en sal onder geen omstandighede toelaat dat:

(a) enige ekspedisielid drank van die skip na die basis bring nie;

(b) enige ekspedisielid hom te buite gaan nie;

(c) drank deur ekspedisielede opgegaar om later by een geleentheid alles te drink nie;

12/ .......

(d) 'n ekspedisielid alleen drink nie;

(e) daar meer drank by geleenthede voorgesit word as wat redelik beskou word nie. Redelik in hierdie geval hel oor na die konserwatiewe kant.

88. Die leier moet poog dat ekspedisielede alle gesamentlike byeenkomste bywoon. Ekspedisielede moet, vir die behoud van die spangees, gemotiveer word om ten spyte van persoonlike gevoelens die byeenkomste by te woon. Nasionale feesdae is verpligtend.

89. By die toewysing van godsdienstige en sosiale pligte aan ekspedisielede sal die leier elke ekspedisielid se bekwaamhede in ag neem. Geen ekspedisielid moet met 'n plig opgesaal word wat hy beswaarlik of moeilik kan uitvoer nie. Die keuse moet aan die ekspedisielid oorgelaat word. Die leier is egter verplig om elke ekspedisielid volle geleentheid te gee om deel te neem, tewens hy moet deelname aanmoedig en ekspedisielede aanhelp om ten volle te ontplooi.

90. Die leier moet die ontspanning van ekspedisielede help beplan. Moedig die ekspedisielede aan hom hulle stokperdjies te be-oefen en mekaar daarmee te help. Ambagsmanne en tegnici se wetenskaplike kennis kan deur die wetenskaplikes verryk word terwyl die wetenskaplikes weer by die ambagsmanne en tegnici kan leer.

91. Daar is 'n biblioteek en ander ontspanningsfasiliteite wat beskikbaar is. Motiveer mekaar om daarvan gebruik te maak.

92. Die drie gewere en ammunisie is vir ontspanningsdoeleindes op Heldedag (10 Oktober) beskikbaar. Toestemming vir die gebruik daarvan moet eers vooraf van die Sekretaris van Vervoer verkry word. Die gewere en ammunisie is die persoonlike verantwoordelikheid van die leier en moet agter slot en grendel gehou word.

93. Ekspedisielede mag nie hulle eie vuurwapens en ammunisie na Antarktika neem nie. As die leier ontdek dat 'n persoon 'n vuurwapen en ammunisie het, moet hy daarop beslag lê en die saak aan die Sekretaris van Vervoer rapporteer.

94. Die leier moet elke ekspedisielid se gewoontes fyn bestudeer. By die eerste tekens van enige afwyking moet die leier sonder om agterdog te wek die probleem oplos.

95. Die leier moet toesien dat daar nie wrywing tussen die bedryfspersoneel en die wetenskaplikes kom nie. Beide groepe is ewe belangrik vir die suksesvolle uitvoering van die Suid-Afrikaanse Antarktiese poging.

X GEBOUE EN INSTALLASIES.

96. Die leier moet toesien dat geboue en installasies behoorlik onderhou word. Hy moet weekliks saam met die werktuigkundiges die hele gebouekompleks en die installasies inspekteer om te verseker dat dit doeltreffend in stand gehou word. Alle defekte, wat plaaslik herstel kan word deur plaaslike arbeid en waarvoor materiaal beskikbaar is, moet onmiddellik herstel word.

97. Besondere aandag moet aan fondasies en drabalke gegee word. Stukkende fondasies en krakende drabalke kan die hele basis in gevaar stel.

98. Geen verandering aan of byvoeging by die bestaande elektriese stelsel mag sonder die toestemming van die Sekretaris van Vervoer gedoen word nie. Bedrading mag nie verander of verlê word en geen ekstra bedrading mag aangebring word nie. Geen ekstra lading mag op die elektriese stelsel geplaas word. As dit nodig is moet die toestemming van die Sekretaris van Vervoer eers vooraf verkry word.

99. Die elektriese installasie is die behoud van die basis maar ook die gevaarlikste bedreiging as dit nie goed versorg word nie. Dit moet weekliks nagesien word en behoorlik in stand gehou word.

100. Die kamer waar die kragopwekkers gehou word moet besondere aandag geniet. Die vloer moet vry van olie en brandstof gehou word en bedrading moet altyd in goeie toestand gehou word. Brandblusapparaat moet altyd in 'n werkende toestand en binne bereik wees.

101. Enjins en batterye moet in 'n goeie werkende toestand gehou word.

102. Daar moet dag en nag 'n wakende oog oor die basis gehou word. Die leier sal elke nag 'n persoon aanwys om met gereelde tussenposes inspeksie dwars deur die basis uit te voer.
Vir. verdere opdragte oor instandhouding, kyk by bl. 13 A en verder.

XI. NOODTOESTAND.

103. In die geval van nood en waar die veiligheid van die ekspedisie of die basis bedreig word, is die leier gemagtig om, as die toestand dit vereis, alle wetenskaplike programme te staak en alles in die stryd te werp om die noodtoestand die hoof te bied. As 'n ekspedisie in die veld is, sal hulle indien die leier so besluit, dadelik na die basis terugkeer.

Verdere instandhoudingsinstruksies vir die dieselwerktuigkundiges ontvang van die Departement van Openbare Werke:

S. A. N. A. E.

ANTARCTICA.

BUILDING MAINTENANCE.

The following items should be checked over periodically as recommended by the period stated after each item.

1. BASE PLATES: FORTNIGHTLY

Where base plates (1½" x 9" x 36") are found to be sinking or falling away from beams the snow under the plates should be levelled off to the lowest point - this will prevent filling in of loose snow which cannot compact as well as existing compacted snow - the plates then re-laid and a post fitted under the beam and wedges driven in either at the top or bottom of the post and securely nailed.

Several posts may be needed and should be spaced at not more than 24" apart. If a long distance of say 8'0" of base plates has to be relaid it is recommended that a beam be laid on top of the plates and the posts placed on top of the beam. This would tend to distribute the weight over the plates.

2. FLOOR BEAMS AND PANELS: MONTHLY

These should be checked for distortion and warping. Metal connecting clips should be checked and tightened up as necessary.

3. WALL PANELS: MONTHLY

These should be checked as for floor panels. Where it is noted that the ice pressure on the outside is forcing the panels inwards the ice should be chipped away to give a span of about 18" to 24" from the wall. The panels should then be forced back into original position and a bracket or brace should be fixed at the junctions of the floor and wall. This could be a 3" x 1½" fixed flat on the floor with coach screws.

The same could be done at the top at the junction of wall panels and roof panels.

4. ROOF PANELS: FORTNIGHTLY

A check should be made for any foreign article such as poles etc. sinking through the snow and causing damage to the neoprene roof covering. This can only be done once the cavity over the roof has formed. No poles, boxes, etc. should at any time be placed

- 13 B - /...

on the snow on top of the buildings. The area of the buildings should be fenced and the fencing raised with the build up of snow.

5. SNOW PASSAGE - WEEKLY.

A virtual continuous check could be made on the props and roof beams of the snow passage.

Any movement noted should be immediately notified.

Boxes and drums forming the walls of the passage should be checked for signs of collapse or movement.

6. DOORS - EXTERNAL: DAILY

Doors should be open and closed at least once a day to prevent icing up.

7. FIRE ALARM SYSTEM: FORTNIGHTLY
8. ESCAPE HATCHES.
Tops of all escape hatches to be kept clear of snow at all times and extension panels, fixed as necessary.

Existing fixed panels to be checked for bulging and security at joints.

Ladders to be inspected for loose rungs.

9. AIR VENTS AND FLUES: FORTNIGHTLY

Air vents and flues to be kept well above snow level and extension fitted as necessary. Stay wires to be adjusted to suit and to be securely fixed.

10. SUPPLY OF MATERIALS:

As the relief ship usually sails at the end of each year it is essential that the Public Works Department Cape Town has a full list of building spares and requirements by the end of September each year.

ROUTINE ELECTRICAL MAINTENANCE:

1. Complete Electrical Installation.

The complete electrical installations i.e. switch board, cables, light fittings, switches and plugs are to be visually checked

at least once a month and all faulty items or damaged items are to be repaired or replaced immediately.

2. Power Shack.

A. Alternators.

After every 1,000 running hours the brush gear of the exciters are to be cleaned of all carbon deposits and the brush bedding is to be checked.

B. Exhaust Fans and Motors for Snow Melter.

All control gear of the above is to be checked every month and all contents cleaned.

C. Emergency lighting 24 volts D.C.

At least once a month this lighting system must be checked by "switching off" the supply from the alternators.

Any faulty lamps must be replaced immediately.

The batteries are to be checked for cleanliness, condition of electrolite and capacity of charge once a week.

3. Thermobloc Ventilation and Heating System.

Once a month the Thermostats are to be removed and all soot deposits removed. The electrical installation of this unit is to be visually checked for any damage and all terminals checked for tightness.

4. Auxiliary Power Plant.

The Bolander Diesel must be run for a short period every month to check if the operation is satisfactory.

5. Snow Passages.

A constant check must be kept on all cables in the snow passage for any excess tension caused by sagging beams. The tension on the cable must be removed immediately by diverting the cable run.

All broken lamp guards are to be replaced immediately.

6. Additional Load.

Under no circumstances can any additional load be connected without the approval of the Public Works Department.

7. General.

All repairs to the electrical installation at the base must be carried out by a competent person.

All electrical accessories including instruments etc. must be of the non-earthed type as the instalation in the base is a earthed free installation.

MECHANICAL MAINTENANCE:

Maintenance of all mechanical equipment is carried out by the two diesel mechanics. These men carry out the maintenance on the Diesel Power Units, Heater and Ventilation Units and necessary ductwork, Extract fans, Snow Melter and all water supplies, Auxillary power unit and Cooking stove.

104. Deur gereelde en doeltreffende inspeksies kan meeste noodtoestande vermy word. Inspeksies is dus noodsaaklik en dit bring mee dat sake tydig reggestel kan word voordat 'n noodtoestand kan ontstaan.
In geval van nood, wanneer daar nie met ZUJ in verbinding getree kan word nie, moet verbinding met Kaapstadradio (ZSC) bewerkstellig word. Die volgende noodprosedure vir radiokommunikasie sal dan geld :

105. Tussen 1800z en 0700z hou ZSC 'n voortdurende radiowag op die skeepsgolflengtes van 6240 tot 6357 khz en van 8350 tot 8476 khz. Die gedeeltes van 6265.5 tot 6280.5 khz is uitsluitlik vir oproepdoeleindes gereserveer en geen verkeer hoegenaamd, mag op enige frekwensie wat in daardie gedeeltes val, oorgesein word nie.

106. Die frekwensies 6274.5 en 8366 khz word voorsien vir oproepdoeleindes. Sodra daar met ZSC op enige van hierdie twee frekwensies in verbinding getree is, moet ZSC versoek word om op enige van die normale bedryfsfrekwensies van die betrokke stasie te luister. Nadat daar vir die tweede maal met ZSC kontak gemaak is, moet hy versoek word om ZUJ per teleks (J7807) in kennis te stel om met die stasie wat in nood verkeer in verbinding te tree. Dit is raadsaam om ZSC te versoek om wag te hou totdat verbinding met ZUJ bewerkstellig is.

107. ZSC saai gelyktydig uit op 6379.5 en 8686 khz vanaf 1800z tot 0200z en daarna net op 8686 khz tot 0700z.

108. Indien ZUJ weens swak toestande nie gekontak kan word nie, moet ZSC versoek word om die noodverkeer na ZUJ te herlei.

109. ZSC mag alleenlik opgeroep word nadat die verantwoordelik beampte die nodigheid daarvoor uitgevaardig het.

110. Die radiobediener moet toesien dat ten minste een ander lid van 'n ekspedisie vertroud is met hierdie noodprosedure en hoe te werk gegaan moet word om verbinding met ZUJ of ZSC te bewerkstellig.

111. Aangesien 'n brand by die basis rampspoedige gevolge vir die hele ekspedisie kan hê, is dit lewensbelangrik dat elke lid die gevaar van brand terdeë besef en dat almal daartoe bydra om brand gevaar te voorkom.

112. Die Departement van Vervoer sal 'n Brandbestrydingsbeampte aanstel in oorleg met die leier. Dit word van alle spanlede verwag om hul volle samewerking aan die beampte te gee ten einde sy pligte suksesvol uit te voer. Die leier is verplig om toe te sien dat alle voorskrifte met betrekking tot die voorkoming en bestryding van brand stiptelik nagekom word.

15/.......

113. Na aankoms by die basis sal die vertrekkende Brandbestrydingsbeampte die beampte wat by hom oorneem op hoogte bring van die posisie van alle brandbestrydings- en hulpapparaat soos brandblussers, asemhaalapparaat, asbespakke, toue, fluitjies, kortom, alle apparaat wat voorsien is om die basis brandvry te hou sowel as noodrantsoene ens.

114. Enige items wat aandag sal verg, moet onmiddellik aan die nuwe Brandbestrydingsbeampte gerapporteer word en moet aandag geniet voordat die skip die basis verlaat. Enige toerusting wat nie in ŉ behoorlike werkende toestand geplaas kan word nie, moet onmiddellik na die Republiek gestuur word met ŉ breedvoerige verslag oor die toestand daarvan en die rede waarom dit buite werking is.

XII. TOERUSTING.

115. Die brandblustoerusting is met ŉ bepaalde doel op strategiese punte in die basis geplaas. Dis derhalwe noodsaaklik dat die toerusting daar gelaat word en dat elke ekspedisielid hom vergewis van die werking en posisie daarvan.

116. Die volgende tipes brandblustoerusting word tans voorsien en moet as volg hanteer word :

BRANDBLUSSERS.

117. Droë poeier (20lb) druk tipe. Hierdie blussers is nie herlaaibaar in Antarktika nie. Die hele silinder is onder druk en is gereed vir reg-op gebruik nadat die seël gebreek en die hefboom afgedruk is. Tydens die gereelde inspeksies moet seker gemaak word dat die plastiek spuitstuk nog stewig aan die silinderwand vas is aangesien dit geneig is om los te gaan onder die koue toestande. Die drukmeter sal aantoon of die lading van die blusser nog in orde is.

118. Koolstofdioksiedblussers (5 lb en 10 lb). Hierdie blussers is ook nie herlaaibaar nie en het ook ŉ baie eenvoudige inwerkingstelmeganisme.

119. Waterblussers (Koolstofdioksied aangedrewe). Hierdie blussers is die enigste herlaaibare tipe by die basis. Die hervulling is baie eenvoudig. Vul die blussers tot by die aangewese merk met water. Voeg die anti-vriesmiddel by soos aangedui op die houer. Skroef ŉ verseëlde koolstofdioksiedsilinder in, verseker dat dit goed vas is en skroef dan weer die kop van blusser op en sorg dat die veiligheidsmeganisme in die korrekte posisie is. Die water wat gebruik word moet vry wees van enige onsuiwerhede.

120. Droë poeier blussers is veral geskik vir bestryding van brande waarby vloeibare brandstof byvoorbeeld petrol en olie betrokke is, maar kan op enige ander brand gebruik word.

16/ .......

121. Koolsuurgas is by uitstek geskik vir brand in elektriese en delikate apparaat omdat dit geen nadelige spoor nalaat nie.

122. Waterblussers is nie geskik vir vermelde brande nie, maar wel vir brande waarby vaste brandstof soos hout, papier en lap betrokke is.

123. ASBESKOMBERSE

Die asbeskomberse moet alternatiewelik weekliks uitgeruil word met die een in die kragkamer sodat dit kan ontdooi. Dit kan nuttig aangewend word om 'n brand mee te smoor en om te dien as hittewering tydens reddingswerk.

124. ASEMHALINGSAPPARATE.

Daar is twee tipes apparate in die basis. Hierdie instrumente is waardevolle apparaat ten tye van 'n brand, derhalwe moet daar gesorg word dat dit altyd in 'n puik toestand verkeer.
Sorg dat dit altyd skoon is en dat dit vry is van ys.
Gaan gereeld na of die druk nog voldoende is en indien nodig vervang die silinder met 'n reserwe een in die basis. Onder geen omstandighede moet daar gepoog word om die leë silinders te vul met lug uit enige ander bron nie. Dit kan baie nadelig wees onder Antarktiese toestande.

125. NOODKAS.

Die brandbeveiligingsbeampte moet toesien dat daar 'n kas is waarin daar 'n asemhalingsapparaat en 'n 20 lb. droë poeier brandblusser gehou word. Hierdie apparate moet stewig in die kas vas wees sodat dit orals heen vervoer kan word soos byvoorbeeld na die substasie. Aan die kas moet daar 'n stewige tou vas wees sodat die kas byvoorbeeld by die substasie binne in die basis kan bly maar die tou moet bo by die luik vasgemaak word sodat die kas opgehys kan word ingeval van nood.

126. OUTOMATIESE KOOLSTOFDIOKSIEDBRANDBLUSSTELSEL.

'n Afsonderlike handleiding in die verband is aan die twee dieselwerktuigkundiges gegee.

III BRANDBEVEILIGING VAN DIE BASIS.

ONMIDDELLIK.

127. Die nuwe Brandbestrydingsbeampte moet met die leier reël om 'n bestrydingsoefening so spoedig moontlik te laat plaasvind, in elk geval voor 'n tydperk van 48 uur na oorname van die basis verstreke is dit wil sê voor die vertrek van die skip. Hierdie oefening moet in elke deel van die basis uitgevoer word ten einde ekspedisielede bekend te stel met die stappe wat in noodgevalle gedoen sal word.

DAAGLIKS.

128. Die Brandbestrydingsbeampte is verantwoordelik vir die veiligheid van die geboue teen brand. Gevolglik moet hy (of ander wat volgens 'n rooster met die leier gereël is) alle kamers van die hoofgebou elke nag inspekteer op 'n tydstip nadat die laaste persoon bed toe is. Indien iemand anders die inspeksie volgens rooster uitvoer, moet die Brandbestrydingsbeampte, voordat hyself gaan slaap, seker maak dat die persoon ten volle op hoogte is van wat van hom verwag word.
Daar sal altyd 'n ekspedisielid snags aan diens wees en gereelde inspeksies in die basis uitvoer.

WEEKLIKS.

129. Die Brandbestrydingsbeampte moet die basis noukeurig inspekteer en alle stappe doen om brandgevaar uit te skakel. Vuilis moet nie toegelaat word om op te hoop nie.

130. Olie mag nie drup of poele op die vloer vorm nie. Indien daar 'n moontlikheid van so 'n toestand mag ontstaan, moet drupbakke voorsien word.

131. Hy moet toesien dat waar rook toegelaat word, behoorlike asbakke gebruik word.

132. Hy moet toesien dat beamptes altyd brandbewus bly en sal gevolglik weekliks die aandag op gevaarpunte vestig. Die metode van aanbieding wat gevolg sal word om verveling uit te skakel vanweë die gedurige herhaling, sal aan die Brandbestrydingsbeampte oorgelaat word. Kyk ook na die "algemene" paragraaf.

133. Gereelde oefeninge, minstens een per week, moet deur die brandbestrydingsbeampte gereël word. Al die ekspedisielede moet, sover moontlik, by sodanige oefeninge betrek word.

134. Brandoefeninge sal onder andere die volgende insluit -

(i) Aanwys van spesifieke pligte;
(ii) reagering op 'n toetsalarm;
(iii) inneem van voorafbepaalde posisies;
(iv) gebruikmaking van in- en uitgange;
(v) skynhantering van toerusting;
(vi) skynredding (persone en voorrade); en
(vii) skynnoodhulptoepassing.

18/ .......

LW.

Omdat, in die geval van 'n brand in die basis, verstikkende rook en gasse heelwaarskynlik die vernaamste struikelblok in die weg van brandbestryding en reddingswerk sal wees, moet oefeninge, deur gebruikmaking van asemhalingstoestelle, veral in daardie rigting toegespits word.

MAANDELIKS.

135. Dit is nie wenslik om brandblussers te ontlaai nie, aangesien hulle spesiaal gelaai is om Antarktiese toestande te weerstaan, maar elke spanlid moet die blussers hanteer asof om hom met die gebruik daarvan bekend te stel.

IV- OPTREDE IN GEVAL VAN 'N BRAND.

136. Vanuit die staanspoor moet daar baie duidelik besluit word wat as 'n brandalarm beskou word. Hieroor mag daar geen misverstand wees nie.

137. In geval van 'n brand moet daar 'n baie duidelike verdeling van pligte wees. Die volgende dien slegs as leidraad. Elke ekspedisielid moet duidelik verstaan wat van hom verwag word en die hele uiteensetting moet op die kennisgewingbord aangebring word.

138. Die volgende indeling vir 'n ekspedisie van 16 lede kan moontlik gebruik word:

1 lid as brandbeveiligingsbeampte.
3 lede vir brandblusspan
2 lede as helpers
2 lede vir asemhalingsapparaat
1 radio-operateur )
1 dokter ) vir diens by uitgange
1 werktuigkundige )
1 werktuigkundige by installasies
2 lede vir soekgeselskap
2 lede vir verwydering van dokumente en klere

139. Almal haas na die woonkwartiere (eerste keuse), die danssaal (tweede keuse) of dan na die uitgang by die noodkragkamer. Almal moet so gou moontlik uitkom maar met soveel moontlik klere aan. Hier sal die brandbeveiligingsbeampte of die leier nagaan wie nie teenwoordig is nie asook om ander opdragte uit te reik.

140. Die drie manne wat aangewys is om die brand te bestry, gaan egter onmiddellik na die brand, maar hulle moet sorg dat hulle op pad soontoe aan iemand sê dat hulle alreeds met hul taak besig is. Hierdie drie manne moet die werking van elke tipe brandblusser op elke tipe brand baie deeglik ken.

141. Dit sal twee manne se taak wees om die drie manne wat met die bluswerk gemoeid is onmiddellik te gaan help nadat hulle aangemeld het. Hierdie twee moet addisionele blussers aandra of enige ander toerusting wat deur die bestryders benodig word. Dis dus duidelik dat hierdie twee presies moet weet waar alle toerusting op die basis is.

142. Twee manne moet ook aangewys word om onmiddellik twee asemhalingsapparate te neem en na die brand te gaan aangesien rook die oorweldigende faktor is by 'n brand. Die apparate moet vinnig maar sorgvuldig aangetrek word sodat dit absoluut betroubaar is. Die aanstelling van hierdie twee manne sal deur een faktor bepaal word nl. die persoon se baard. Die twee manne met die kleinste of geen baard sal dus vir hierdie taak aangewys word. Dit kan dus beteken dat daar verandering van pligte sal wees soos wat lede hul baard afsny. Die twee manne moet regstaan om die gebied van die vuur binne te gaan maar hulle moet altyd twee-twee wees en wanneer een alleen vorentoe beweeg moet hy met 'n tou aan die ander verbind wees en hierdie twee mense moet 'n baie besliste kode met die tou hê soos bv.

Een kort plukkie - alles nog reg - laat skiet
Twee harde plukke - gevaarlik ek kom uit
Drie kort plukkies - stuur die ander apparaat in.

143. Die radio-operateur, 'n werktuigkundige en die dokter moet na die luike gaan met toue en moet wag op bevele om die luike toe te maak soos wat omstandighede dit vereis.

144. Die tweede dieselwerktuigkundige moet toesien dat alles nog onder beheer is in die kragkamer, indien brand nie daar is nie, in welke geval hy onmiddellik na die noodkragkamer moet gaan en daardie eenheid aan die gang kry.

145. Indien daar manne vermis word, moet ten minste twee aangesê word om na hulle te gaan soek sodat vasgestel kan word of hulle nie dalk in die brand vasgekeer is nie.

146. Die laaste twee manne moet gereed wees om op bevel van die leier belangrike dokumente wat op bepaalde plekke gehou word waarvan hulle vooraf kennis dra, te verwyder en as die tyd en omstandighede dit toelaat moet addisionele klere ook verwyder word.

20/ .......

ALGEMEEN.

147. Die Brandbestrydingsbeampte moet toesien dat die volgende brandvoorsorgmaatreëls nagekom word en daarom word dit van alle spanlede verwag om na die beste van hul vermoë saam te werk:

(1) daar moet streng op rookgewoontes gelet word. Ten alle tye moet asbakke gebruik word wat gereeld leeggemaak moet word. Almal moet probeer om die gewoonte aan te leer om 30 minute voor slaaptyd nie meer te rook nie. Dit is om die enkele geval van 'n laaste sigaret of pyp wat tot 'n verwoestende brand aanleiding mag gee, uit te skakel.

(2) Die Brandbestrydingsbeampte mag nie toelaat dat die elektriese bedrading verander word nie tensy goedkeuring van die Departement van Vervoer verkry is of 'n DOW-inspekteur die verandering ter plaatse goedkeur.

(3) Die Brandbestrydingsbeampte moet toesien dat niemand by die basis enige elektriese, gas- of olie-aangedrewe apparaat gebruik wat moontlik 'n brand kan veroorsaak nie tensy dit spesifiek vir gebruik deur die Sekretaris van Vervoer goedgekeur is.

(4) Die Brandbestrydingsbeampte moet toesien dat ontvlambare vloeistowwe slegs in die goedgekeurde plekke gebruik en gebêre word. Hy moet homself daarvan vergewis dat brandstofopslagplekke goed genoeg versprei is ten opsigte van mekaar en moontlike bronne van gevaar, om die verspreiding van brand te voorkom.

(5) Die Brandbestrydingsbeampte moet voortdurend waak teen die volgende gewoontes wat maklik aanleiding tot 'n brand kan gee. Ekspedisielede word dringend versoek om hom by te staan om hierdie gewoontes uit te skakel :

(a) trek vuurhoutjies altyd afwaarts, naby aan die dosie. Moet nooit 'n vuurhoutjie opwaarts trek nie: dit kan breek en 'n brand veroorsaak voordat die brandende koppie geblus kan word;

(b) let daarop dat 'n vuurhoutjie dood is voordat dit weggegooi word - in 'n asbakkie;

(c) druk sigaretstompies dood.. Maak pype leeg voordat u dit na 'n rokie neersit;

(d) ledig asbakkies sodra hulle vol is en nie in houers wat papier of ander ontvlambare materiaal bevat nie;

21/ ......

(e) moenie iets in die donker met behulp van vuurhoutjies soek nie; gebruik 'n flits;

(f) rook in beddens is absoluut verbode behalwe as die persoon in die hospitaal is en dan slegs onder toesig;

(g) rook of oop ligte (vlamme) moet onder geen omstandighede toegelaat word in enige stoor of gebou wat brandbare of ontvlambare voorrade in groot hoeveelhede bevat nie;

(h) indien enige vloeibare brandstof, lig of verwarmer gebruik word, moet dit nie onnodig in gebruik bly as die gebou of kamer vir 'n ruk verlaat word nie. Indien dit moet bly brand, moet spesiale voorsorgmaatreëls getref word en te alle tye toegepas word, byvoorbeeld die apparaat moet nagesien word voordat die kamer ontruim word;

(i) klere moet nie gedroog of gelug word voor verwarmers anders as in die goedgekeurde droogkamer nie.

(j) geen brandblusser of enige apparaat moet verwyder word van die posisies waarin hulle agtergelaat word nie. Indien 'n brandblusser gebruik is, verwyder dit onmiddellik van die plek waar dit normaalweg gehou word en stoor dit. Indien dit nie van die herlaaibare soort is nie, moet dit met dieselfde tipe vervang word. Die watertipe blusser kan egter herlaai word (soos voorheen verduidelik) en moet terug geplaas word op die oorspronklike posisie.

(k) Die afvaldromme moet verwyder word na 'n gang of elders waar dit nie brandrisiko sal skep nie. Dit moet nie in die kragkamer gehou word nie.

(l) Nooduitgange moet ten alle tye bruikbaar wees.

148. BRANDBESTRYDINGSBEAMPTE.

Die volgende vereistes is veral van toepassing op die Brandbestrydingsbeampte, maar moet altyd deur die wat hom bystaan in gedagte gehou word:

(a) Brandblusapparaat, asemhaalapparaat en alle hulptoerusting moet weekliks nagesien word om te verseker dat dit in 'n goeie, werkende toestand is;

(b) Daar moet deeglik boekgehou word van alles wat gedoen is met betrekking tot die veiligheid van die basis teen vuur;

(c) die Brandbestrydingsbeampte moet in oorleg met die leier toesien dat voldoende noodvoorrade komberse, klere, kos, mediese en noodhulptoerusting in geskikte houers in 'n veilige plek bewaar word. Hierdie plek moet in 'n noodgeval maklik bereikbaar wees, maar origens moet daar nie mee gepeuter word nie.

XV <u>VERVOER</u>.

149. Die leier magtig die gebruik van vervoer. Hy sal alleen ekspedisielede, wat behoorlik deur die werktuigkundiges onderrig en as bestuurders goedgekeur is, magtig om meganiese vervoermiddels te bestuur. Die werktuigkundiges sal so gou moontlik na die ekspedisie se aankoms in Antarktika onderrig in die bestuur van meganiese voertuie aan alle ekspedisielede gee.

150. Die gebruik van honde en slees sal alleen gemagtig word as daar 'n bevoegde persoon beskikbaar is wat in staat is om die honde te hanteer.

151. Nadat die leier die gebruik van vervoer gemagtig het, moet die aansoeker die vervoer by die werktuigkundiges bespreek.

152. Die werktuigkundiges se opdragte in verband met die hantering van voertuie moet stiptelik nagekom word. Beamptes moet veral sorg dat:

(a) alle defekte aan voertuie onmiddellik onder die aandag van die werktuigkundiges gebring word;

(b) geen voertuig met 'n defek, hoe gering ookal, van die basis verwyder word nie. Die defek moet eers reggestel word voordat die voertuig die basis verlaat;

(c) voldoende brandstof, olie en ander oorlewingsmateriaal in en op die voertuig is voordat die basis verlaat word. Versuim om dit te doen kan meebring dat u die ander lede van die ekspedisie se lewens in gevaar stel;

(d) By beamptes se terugkeer by die basis is hulle verplig om:

(i) alle defekte aan voertuie onmiddellik onder die aandag van die werktuigkundiges te bring wat dit moet herstel voordat die voertuie weer gebruik word; en

23/ ......

(ii) brandstof en water te gooi terwyl die voertuie nog warm is. Versuim om die brandstoftenks te vul veroorsaak kondensasie en gevolglike verstopping van toevoerpype.

I VERSORGING VAN HONDE.

153. Die leier sal persone aanwys wat die honde versorg. Hy moet toesien dat die honde volgens voorskrif gevoed en vir trekdoeleindes opgelei word.

II STAATSEIENDOM.

154. Die leier is verantwoordelik vir alle staatseiendom op die basis. Dit is alles behalwe die ekspedisielede se eiendom.

155. Hy moet toesien dat dit nie misbruik, gemors of verlore raak nie. Dit moet behoorlik versorg en gebêre word wanneer dit nie in gebruik is nie.

III MEDIESE SAKE EN VOORRADE.

156. Dit is uitsluitlik die geneesheer se verantwoordelikheid maar die leier is verplig om toe te sien dat die voorskrifte nagekom word.

157. Die geneesheer moet sorg dat mediese voorraad en instrumente agter slot en grendel gehou word. Gewoontevormende medisyne moet veral deeglik beheer word en die nodige register soos voorgeskryf deur die Geneeskundige Raad moet bygehou word.

158. Indien die geneesheer hulp uit Suid-Afrika nodig het, moet die Sekretaris van Vervoer versoek word om mediese bystand te reël. Die soort mediese bystand wat verlang word moet gespesifiseer word. Indie geval moet gereelde kontak met Jan Smuts bewaar word.

159. Tydens ongevalle of beserings aan diens word ekspedisielede van Departementsweë gedek deur die Ongevallekommissaris kragtens die bepalings van die Ongevallewet.

160. Alle ongevallevorms, dit is WCL-vorms, behoort soos volg voltooi te word:

(a) Rapport van ongeluk - word deur werkgewer voltooi.

(b) Eerste vorderings- en finale mediese verslae word deur die betrokke geneesheer voltooi.

24/ .......

(ii) brandstof en water te gooi terwyl die voertuie nog warm is. Versuim om die brandstoftenks te vul veroorsaak kondensasie en gevolglike verstopping van toevoerpype.

I VERSORGING VAN HONDE.

153. Die leier sal persone aanwys wat die honde versorg. Hy moet toesien dat die honde volgens voorskrif gevoed en vir trekdoeleindes opgelei word.

II STAATSEIENDOM.

154. Die leier is verantwoordelik vir alle staatseiendom op die basis. Dit is alles behalwe die ekspedisielede se eiendom.

155. Hy moet toesien dat dit nie misbruik, gemors of verlore raak nie. Dit moet behoorlik versorg en gebêre word wanneer dit nie in gebruik is nie.

III MEDIESE SAKE EN VOORRADE.

156. Dit is uitsluitlik die geneesheer se verantwoordelikheid maar die leier is verplig om toe te sien dat die voorskrifte nagekom word.

157. Die geneesheer moet sorg dat mediese voorraad en instrumente agter slot en grendel gehou word. Gewoontevormende medisyne moet veral deeglik beheer word en die nodige register soos voorgeskryf deur die Geneeskundige Raad moet bygehou word.

158. Indien die geneesheer hulp uit Suid-Afrika nodig het, moet die Sekretaris van Vervoer versoek word om mediese bystand te reël. Die soort mediese bystand wat verlang word moet gespesifiseer word. Indie geval moet gereelde kontak met Jan Smuts bewaar word.

159. Tydens ongevalle of beserings aan diens word ekspedisielede van Departementsweë gedek deur die Ongevallekommissaris kragtens die bepalings van die Ongevallewet.

160. Alle ongevallevorms, dit is WCL-vorms, behoort soos volg voltooi te word:

(a) Rapport van ongeluk - word deur werkgewer voltooi.

(b) Eerste vorderings- en finale mediese verslae word deur die betrokke geneesheer voltooi.

24/ .......

161. By SANAE kan die leier aan die vereiste by (a) voldoen en die geneesheer aan (b) as 'n voorraad van die vorms daar beskikbaar is. By terugkeer in die Republiek kan die reeds voltooide vorms aan die Departement oorhandig word vir finale afhandeling.

IX AMPTELIKE KORRESPONDENSIE EN TELEFOONVERBINDING.

162. Alle berigte, behalwe persoonlike briewe aan naasbestaandes en vriende in die Republiek, word aan die Sekretaris van Vervoer gerig. Geen berig word direk aan enige staatsdepartement of enige ander instansie wat met Antarktiese Sake gemoeid is, gerig nie. Die Sekretaris van Vervoer se kodeadres moet gebruik word.

163. Ingeval van nood buite kantoorure moet die boodskap gerig word aan die noodadres wat aan elke ekspedisie bekend gestel sal word.

164. Benewens berigte van amptelike aard, dit is in verband met bestuursake en wetenskaplike programme word die besonderhede vir die SAUK program en Weerburonuusbrief as amptelik beskou. Geen ander programme, nuusbriewe of bulletins word as amptelik geklassifiseer nie. Die leier moet maandeliks 'n verslag aan die Sekretaris van Vervoer stuur waarin die volgende behandel word:

(a) Vordering van wetenskaplike programme;

(b) Interessanthede en verskynsels wat gedurende die maand plaasgevind, of waargeneem is; en

(c) Sosiale nuus wat in bulletins opgeneem kan word.

Die verslag moet kernagtig en op die man af wees.

165. Amptelike berigte kry voorkeur bo alle ander berigte en persoonlike briewe. Navrae deur die Sekretaris van Vervoer moet onmiddellik aandag geniet.

166. Vertroulike berigte word in kode oorgesein. Kodeberigte neem lank om op te stel en te ontsyfer en moet dus so kort as moontlik wees. Telegramstyl moet toegepas word. Kode mag slegs deur die leier, of in sy afwesigheid deur die Beampte-in-beheer van die basis gebruik word waar geheimhouding noodsaaklik is. Sulke gevalle is ernstige teëspoed by die basis of in die veld en personeelverslae van 'n hoogsvertroulike aard.

167. Waar geheimhouding nie noodsaaklik is nie maar die inligting vertroulik is, kan die woorde "Beperk - Restricted" voor en na die berig gebruik word.

25/ .......

168. Amptelike radiotelefoonverbinding vind tweeweekliks tussen ekspedisielede en sommige van die programkoördineerders plaas. Tydens hierdie oproepe moet ekspedisielede hulle beperk tot hulle spesifieke navorsingsprogramme en nie oor koeitjies en kalfies gesels nie.

XX. PRIVAATKORRESPONDENSIE, BLOMBESTELLINGS EN RADIO-TELEFOONVERBINDING.

169. Ekspedisielede mag kosteloos een keer per week 'n brief van familielede en/of vriende ontvang en ook aan hulle stuur. Die volgende voorwaardes moet egter nagekom word:

(i) 'n brief mag nie meer as 100 woorde bevat nie. Indien 'n brief meer as 100 woorde bevat, sal die oorskot oorgehou word tot die volgende week en saam met daardie week se brief oorgesein word op voorwaarde dat daardie week se brief plus die oorskot nie meer as 100 woorde is nie;

(ii) amptelike berigte sal voorkeur bo briewe geniet.

Privaatkorrespondensie mag op geen ander wyse as deur bemiddeling van die Departement van Vervoer gestuur word nie.

170. Voor hulle vertrek uit die Republiek moet ekspedisielede die volgende onder aandag van hul korrespondente bring:

(i) Alle briewe vir versending na Antarktika moet gestuur word aan:

Mnr. (naam van ekspedisielid)
P/a. Die Algemene Afdeling,
Departement van Vervoer,
Privaatsak 193,
PRETORIA.

(ii) Briewe moet óf getik, óf in drukskrif geskryf wees. Die naam van die persoon aan wie die brief gaan asook waar hy gestasioneer is, moet ook duidelik op die brief verskyn bv. brief aan B. Benade, Antarktika.

171. Elke spanlid sal voor vertrek uit Suid-Afrika aan die leier die volgende oorhandig:

(a) 'n Lys van persone met hul adresse met wie hy van plan is om te korrespondeer;

(b) Voldoende gefrankeerde koeverte vir sy korrespondensie.

26/ .......

172. Die leier sal dan 'n lys van al die adresse opstel en aan elk 'n nommer toeken. 'n Afskrif van die lys sal aan die Departement van Vervoer voorsien word en ook aan elke spanlid 'n afskrif van sy adresse en nommers. Elke brief vanaf Antarktika sal die nommer van die bestemming tweemaal bevat om oorseinfoute te voorkom.

173. Die nommers sal voorafgegaan word deur die letter S.

174. Die leier sal die sisteem aan die span verduidelik en hulle versoek om die hele sisteem van briefwisseling aan hulle korrespondente te verduidelik. Ekspedisielede wat koeverte sonder seëls of seëls sonder koeverte inhandig, se briewe sal nie versend word nie. Lugbriewe word nie aanvaar nie.

175. Ten einde die beperking van 100 woorde per week nie te oorskry nie, word ekspedisielede ernstig versoek om met hul korrespondente te reël dat almal nie gelyktydig skryf nie, sodat briewe nie teruggehou hoef te word nie. 'n Praktiese reëling is om met korrespondente te reël om net soveel woorde te stuur as wat hulle ontvang. Ekspedisielede moet voor hul vertrek 'n voorranglys ten opsigte van korrespondente by die Algemene Afdeling inhandig sodat bepaal kan word watter brief oorgesend moet word indien twee gelyktydig of in dieselfde week by hierdie kantoor inkom en die totaal 100 woorde oorskry. Indien briewe ontvang word van persone wat nie op u voorranglys verskyn nie, sal dit teruggehou word. As u kwota vir die week dit toelaat, sal die brief aan die einde van die week oorgesein word. Indien u egter alreeds u 100 woorde ontvang het, sal die inhoud van die brief opsommenderwys aan u bekend gemaak word. Briewe moet in telegramstyl geskryf word, sodoende word baie woorde bespaar.

176. Briewe met die volgende inhoud sal nie versend word nie:

(i) briewe wat die Departement of Staat in die verleentheid kan bring of kritiseer. Indien 'n ekspedisielid of van sy naasbestaandes van mening is dat hulle in een of ander saak verontreg is, moet hulle die saak aan die Departement voorlê wat dit behoorlik sal ondersoek;

(ii) briewe van omstrede aard wat indruis teen maatskaplike sedes byvoorbeeld briewe met onwelvoeglike taal. Sulke briewe sal aan die Posmeestergeneraal oorhandig word vir sodanige optrede as wat hy mag nodig ag.

177. In geval van nood, mag korrespondente in die Republiek telegramme aan ekspedisielede stuur. Telegramme moet as volg geadresseer word: mnr. (naam van ekspedisielid) SANAE, P/a Die Hooflugradiobediener, Jan Smutslughawe. Telegramme moet asseblief tot die absolute minimum beperk word.

178. Aangesien eksepedisielede vroegtydig reëlings in verband met gelukwensings en so meer kan tref, bestaan daar inderwaarheid

geen rede waarom telegramme van Antarktika gestuur moet word nie. Slegs noodgevalle regverdig telegramme. In sulke gevalle sal die koste van die betrokke ekspedisielid se salaris verhaal word op voorwaarde dat die Hoofrekenmeester die toestemming van die ekspedisielid het om aftrekkings hiervoor van sy salaris te maak. Korrespondente mag nie van kode gebruik maak nie. Sulke boodskappe sal nie by die basis of by die Departement van Vervoer ontvang word nie.

179. Die volgende reëlings is getref vir die wêreldwye versending van blomme aan ekspedisielede se naasbestaandes deur die diens van "Interflora". Bestellings word per teleks vanaf Antarktika gestuur en moet as volg bewoord wees: Aan Interflora, P/a. Die Hoof, Algemene Afdeling, FAHQYGEG. Ruiker Vyf Rand. Naam en adres van ontvanger (syfers moet voluit geskryf word) Kodenommer van gepaste boodskap soos hieronder aangedui. Persoonlike boodskappe kan in plaas van die kodeboodskappe gestuur word. Indien die aansoek in Engels gedoen word, sal die boodskap in Engels vertaal word.

180. Boodskappe:

<u>GEBOORTES</u>:

| | |
|---|---|
| VYFNULEEN .................. | Veels geluk met die nuwe baba. Mag die toekoms vir julle slegs vreugde en voorspoed inhou. |
| VYFNULTWEE ................. | Veels geluk my liefling. Mag God julle albei ryklik seën. Verlang natuurlik baie. Innige liefde. |

<u>VERJAARSDAE</u>:

| | |
|---|---|
| VYFNULDRIE ................. | Veels geluk my liefling. Mag God jou ryklik seën. Verlang natuurlik baie. Baie liefde. |
| VYFNULVIER ................. (gevolg deur naam van kind) | Veels geluk met jou verjaarsdag .... . Wees soet en gehoorsaam. Pappa verlang baie. Baie liefde. |
| VYFNULVYF .................. (Moeder, Vader ens.) | Veels geluk met .......... se verjaarsdag. Mag God u ryklik seën en lank spaar. Liefde. |

28/ ........

VYFNULSES ................. Veels geluk met geboortedag. Mag daar nog baie wees. Beste Groete.

KERSFEES EN NUWEJAAR:

VYFNULSEWE ................ Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar my liefling. Jy is altyd in my gedagtes. Innige liefde.

VYFNULAGT ................. Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar. Baie liefde.

GELUKWENSING:

VYFNULNEGE ................ Veels geluk met die pragtige prestasie. Ek is trots op jou.

VERLOWINGS EN HUWELIKE:

VYFEENNUL ................. Hartelik geluk met die groot stap. Mag die toekoms net geluk en voorspoed inhou.

MOEDERSDAG:
(tweede Sondag in Mei)

VYFEENEEN: ................ 'n Geseënde Moedersdag, liefste Moeder. U is altyd in my gedagtes en gebede. Innige liefde.

SIEKTE:

VYFEENTWEE ................ Met al my beste wense vir 'n spoedige herstel.

AFSTERWE:

VYFEENDRIE ................ My innige meegevoel in hierdie donker uur van beproewing.

29/ .......

ALGEMEEN:

VYFEENVIER .................... Sommer 'n paar blommetjies om te sê ek dink nog altyd aan jou. Met al my liefde.

VYFEENVYF .................... Ons kuier nog lekker, maar vanaand verlang ek darem so bietjie huis toe.

VYFEENSES .................... Die tyd gaan gou verby en ons is binnekort weer bymekaar.

VYFEENSEWE .................... Hierdie blommetjies bewys dat ek veilig aangekom het.

VYFEENAGT .................... Met al my liefde en goeie wense. Ek verlang oneindig baie. Liefdegroete.

VYFEENNEGE .................... Ek kan nie meer wag dat die tyd moet aanbreek om huiswaarts te keer nie. Ek mis jou oneindig baie. Met al my liefde.

VYFTWEENUL .................... Net 'n paar blommetjies om te sê dat ek jou innig liefhet en altyd aan jou dink. Liefdegroete.

181. Die bestelling moet minstens twee weke voor die tyd geplaas word. Indien 'n bestelling moet gaan na 'n plek waar Interflora oor geen afleweringsfasiliteite beskik nie, behou hulle die reg voor om aan die ontvanger 'n blombewys te stuur wat binne 'n jaar vir vars blomme ingeruil kan word.

182. 'n Rekening sal maandeliks aan die Departement in die naam van die besteller voorgelê word wat van sy salaris verhaal sal word. Die nodige magtiging moet aan die Hoofrekenmeester gegee word om sulke bedrae van die ekspedisielid se salaris te verhaal. Ruikers, kranse ens. met 'n minimumwaarde van R3.00 is beskikbaar.

183. Die Departement sal een keer per maand reël vir radiotelefoonverbinding tussen ekspedisielede en hul naasbestaandes. Die koste verbonde aan die oproepe moet deur ekspedisielede gedra word en sal van hul salarisse verhaal word. Daar word 9 minute vir elke oproep toegestaan. Ekspedisielede is beperk tot een oproep. Bespreking van die oproepe moet minstens 14 dae voor die tyd gereël word met vermelding van die telefoonnommer en ontvanger van die oproep in die Republiek.

30/ .....

184. Amateurradioverbinding word toegelaat op dieselfde voorwaardes as wat in die Republiek van toepassing is. Amateur radiobedieners moet in besit wees van 'n geldige lisensie wat deur die Poskantoor uitgereik is. Ekspedisielede moet self voor hul vertrek uit die Republiek hiervoor reël. Alle amateurradio-aktiwiteite moet in oorleg met die leier, die radiobediener en die radiotegnikus geskied. Onder geen omstandighede mag amateuraktiwiteite met die normale radioverbindingsprogram inmeng nie. Hierdie stokperdjie is onderhewig aan Internasionale regulasies en daar moet ten alle tye daarby gehou word.

VELDEKSPEDISIES.

185. Die leier is verplig om toe te sien dat veldekspedisies behoorlik en doeltreffend toegerus word en binne die veiligheidsgrense uitgevoer word. Elke voertuig wat die basis verlaat, ongeag of dit lank of kort weg sal wees, moet in 'n goeie werkende toestand wees, van voldoende brandstof en ander nooduitrusting voorsien wees en deur 'n bevoegde drywer bestuur word. Daar moet sover moontlik van twee van dieselfde voertuie gebruik gemaak word sodat veldgroepe vir alle redelike teënspoed onafhanklik van die basis kan wees.

186. Elke veldekspedisie sal op gesette tye radioverbinding maak en sy posisie aandui.

187. Alle veldekspedisies moet behoorlik beplan word en die roete wat gevolg gaan word sal duidelik afgebaken word.

188. Geologiese veldekspedisies wat 'n lang tydperk in beslag neem moet deur die Sekretaris van Vervoer goedgekeur word. Die volgende inligting moet verstrek word:

(a) die naam van die leier van die veldekspedisie.

(b) die naam van die lede van die veldekspedisie.

(c) die roete wat gevolg gaan word.

(d) die verwagte weerstoestande.

(e) die tyd en datum van verwagte aankoms by bepaalde voorraadopslagplekke; en

(f) die daaglikse tye wanneer daar met die basis radioverbinding gemaak sal word.

31/ .......

189. Daar bestaan geen rede waarom die leier van die Antarktiese Ekspedisie die veldekspedisies moet vergesel nie tensy hy n aansienlike bydrae tot die uitvoering van die wetenskaplike programme kan lewer. Onder huidige omstandighede sal hy waarskynlik die veldekspedisie moet vergesel omdat geoloë en veldassistente beperk is. Die leier sal egter nie die wetenskaplike programme oorneem nie, maar is gebind om hom te laat lei deur die deskundiges wat die program van aksie sal voorskryf. Dit onthef die leier nie van die verpligting om:

(a) veiligheidsaspekte self te hanteer; en

(b) toe te sien dat die veldekspedisie betyds na die basis terugkeer nie. In hierdie gevalle het die deskundiges geen seggenskap nie. Voordat die leier egter besluit, sal hy alle deskundige menings inwin - selfs in die Republiek.

190. Geen wetenskaplike wat n program behartig en wat nie by n veldekspedisie belang het nie mag by n veldekspedisie ingesluit word sonder dat die Sekretaris van Vervoer eers vooraf toestemming gegee het nie. Die insluiting van so n ekspedisielid moet behoorlik gemotiveer word en dit moet verduidelik word hoe sy program gehanteer sal word.

191. Die leier sal voldoende bedryfspersoneel by die basis laat om te verseker dat die basis, geboue en toerusting behoorlik versorg en in stand gehou word. Die radiobediener en die geneesheer sal nie op lang ekspedisies toegelaat word nie.

192. Voldoende vervoermiddels moet by die basis gelaat word om te verseker dat, ingeval van nood, vervoer beskikbaar is. Die leier moet besluit wat voldoende is.

193. Veldekspedisies sal op die gesette tye radioverbinding maak. Dit is n absolute vereiste dat dit gedoen word. Die basis moet gedurende die nag ingestel wees vir noodoproepe.

194. Indien radiokontak met die veldekspedisie verbreek word, moet die basis die Sekretaris van Vervoer in kennis stel wat die nodige opdragte sal gee.

195. Waar veldekspedisies in groepe verdeel word, moet die groepe gereeld met mekaar in verbinding bly.

XII <u>BESKERMING VAN FAUNA EN FLORA</u>.

196. Ingevolge n ooreenkoms tussen die Antarktiese Verdragslande moet die fauna en flora in Antarktika beskerm word.

197. Die Sekretaris van Vervoer is verantwoordelik vir die uitvoering van die ooreenkoms in daardie gebied van Antarktika waar ons navorsing doen.

32/ ......

A. ALGEMEEN.

198. Die leier sal toesien dat die reëls soos hieronder gestipuleer te alle tye streng nagekom word. Dit is ook van toepassing op waarnemers en gaste van die Departement.

199. Hierdie reëls is van toepassing op die gebied suid van 45° Suiderbreedte hetsy dit water, land of ys insluit.

200. Vir die toepassing van hierdie reëls het die volgende woorde die volgende betekenisse:

(a) "Inheemse soogdier" beteken enige lid, op enige stadium van sy lewensloop, van enige soort wat behoort aan die klas Mammalia inheems aan Antarktika of Marioneiland, of wat daar voorkom as gevolg van enige natuurlike manier van verspreiding.

(b) "Inheemse plant" beteken enige soort plantegroei op enige stadium van sy lewensloop (insluitende saad) inheems aan Antarktika of Marioneiland of wat daar voorkom as gevolg van enige natuurlike manier van verspreiding.

(c) "Inheemse voël" beteken enige lid, op enige stadium van sy lewensloop (insluitende eiers), van enige soort van die klas Aves, inheems aan Antarktika of Marioneiland of wat daar voorkom as gevolg van enige natuurlike manier van verspreiding.

(d) "Toegewese gesag" beteken enige persoon of instansie wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika volmag verleen is om permitte uit te reik.

(e) "Permit" beteken 'n formele geskrewe toestemming wat uitgereik is deur 'n "toegewese gesag".

B. REËLS.

201. Permitte.

(a) Die doodmaak, wond, vang of molesteer van inheemse soogdiere of voëls of enige poging om so iets te doen word verbied tensy dit uitdruklik deur 'n permit toegestaan word. Elke permit sal volledige voorskrifte bevat oor wat gedoen moet word.

(b) Sulke permitte sal alleen vir die volgende doeleindes toegestaan word :

   (i) om voedsel wat ontontbeerlik is vir honde en ekspedisielede te voorsien;

   (ii) om monsters vir wetenskaplike studie of inligting te bekom;

   (iii) om monsters vir museums, dieretuine of ander opvoedkundige of kulturele instellings te bekom.

(c) Permitte sal alleen onder die volgende voorwaardes toegestaan word:

   (i) geen meer inheemse soogdiere of voëls sal in enige jaar weggeneem of doodgemaak word as wat deur natuurlike aanwas in die volgende teelseisoen terug geplaas kan word nie;

   (ii) die verskeidenheid van soorte en die balans van die natuurlike ekologiese sisteme moet behou word.

[illegible] re.

Geen dier of plant, hetsy dood of lewendig mag uit Antarktika verwyder word sonder die skriftelike toestemming van die Sekretaris van Vervoer nie. Dit geld ook vir diere en plante wat aan 'n natuurlike oorsaak dood is.

202. Bemoeiing met lewensomstandighede van voëls of diere.

(a) Ten einde nie die normale lewensomstandighede van voëls of diere te versteur nie moet die volgende baie streng nagekom word:

   (i) Honde mag nie toegelaat word om vry rond te hardloop nie;

   (ii) Helikopters en vliegtuie moet op so 'n wyse gevlieg word dat dit nie onnodiglik voël- en robbekonsentrasies versteur nie. Daar mag ook nie naby sulke konsentrasies geland word nie.

   (iii) Voertuie mag ook nie onnodiglik naby voël- of robbekonsentrasies bestuur word nie, byvoorbeeld binne 'n afstand van 200 meters;

(iv) Plofstowwe en vuurwapens mag nie naby sulke konsentrasies gebruik word nie;

(v) Enige versteuring van voël- en robbekonsentrasies gedurende die broeiseisoen deur persone per voet is verbode;

(vi) Behalwe vir (i) en (iv) mag persone naby sulke kolonies kom indien die op- en aflaai van voorrade dit noodsaaklik maak.

(b) Water in die omgewing van die kus en ysbanke moet sover as moontlik beskerm word teen besoedeling.

203. Inbring van huisdiere en huisplante.

(a) Die volgende diere en plante mag na Antarktika of Marioneiland gebring word:

(i) sleehonde;

(ii) huisdiere en huisplante;

(iii) diere of plante vir laboratoriumdoeleindes.

(b) Geen ander diere of plante sal na die gebiede gebring word nie behalwe met spesiale toestemming van die toegewese gesag.

(c) Alle sleehonde wat na Antarktika of Marioneiland gebring word, moet teen die volgende siektes ingespuit wees:

(i) hondesiekte,

(ii) aansteeklike hondelewerontsteking,

(iii) hondsdolheid,

(iv) leptospirasis (L. canicola en L. ichterohaemorrhagicae),

(v) elke hond moet ten minste twee maande voordat dit op Antarktika of Marioneiland aankom ingespuit word.

(d) Indien enige dier of plant die natuurlike sisteem sal beskadig as dit onbewaak gelaat word, sal sorg gedra word dat dit onmiddellik vernietig word.

(e) Alle diere en plante genoem onder 203(a)(i)(ii) en (iii) sal onmiddellik na Suid-Afrika terug gebring word sodra hulle hulle doel gedien het.

35/ .......

Sekere gebiede in Antarktika is van buitengewone belang en staan bekend as "Spesiaal Beskermde Gebiede". Bykomende beskermingsmaatreëls word ten opsigte van hierdie gebiede getref en die volgende is verbode :

(a) die versameling van enige inheemse plant of dier behalwe in ooreenstemming met 'n permit.

(b) die gebruik van enige voertuig.

204. 'n Normale permit sal nie van krag wees in hierdie Spesiale gebiede nie. Spesiale permitte sal net onder die volgende omstandighede uitgereik word:

(a) as dit benodig word vir 'n noodsaaklike wetenskaplike studie wat op geen ander plek uitgevoer kan word nie.

(b) as die natuurlike ekologiese sisteme in daardie gebied nie nadelig beïnvloed word nie.

205. Tot op hede is ondergenoemde diere en gebiede as "Spesiaal Beskermde Spesies" en "Spesiaal Beskermde Gebiede" verklaar:

(a) (i) alle spesies van die genus Arctocephalus, Pelsrobbe;

(ii) Ommatophoca rossi, Rossrob.

(b) (i) Taylorbroeiplek, Mac Robertsonland.
67° 26'S, 60° 50'O.

(ii) Broeieilande, Holmebaai.
67° 37'S, 62° 33'O.

(iii) Ardery- en Odberteiland, Buddkus.
66° 22'S, 110° 28'O, 66° 22'S, 110° 33'O.

(iv) Sabrina-eiland, Balleryeilande
66° 54'S, 163° 20'O

(v) Beauforteiland, Rosseil.
76° 58'S, 167° 03'O.

(vi) Kaap Crozier, Rosseiland
77° 32'S, 169° 19'O

(vii) Kaap Hallett, Victorialand
72° 18'S, 170° 19'O.

(viii) Dioneilande, Margueritebaai, Antarktiese Skiereiland.
67° 52'S, 68°43'W

36/......

(ix) Greeneiland, Berthaloteilande, Antarktiese Skiereiland.
$65^{\circ}19'S$, $64^{\circ}10'W$.

(x) Byersskiereiland, Livingstoneiland, Suid-Shetlandeilande
$62^{\circ}38'S$, $61^{\circ}05'W$

(xi) Kaap Shirreff " "
$62^{\circ}28'S$, $60^{\circ}48'W$

(xii) Fildesskiereiland, Koning George-eiland, Suid-Shetlandeilande
$62^{\circ}12'S$, $58^{\circ}58'W$

(xiii) Moe-eiland, Suid-Orkneyeilande
$60^{\circ}45'S$, $45^{\circ}41'W$.

(xiv) Lyncheiland "
$60^{\circ}40'S$, $45^{\circ}38'W$.

(xv) Suid-Powelleiland en aangrensende eilande, Suid-Orkneyeilande.
$60^{\circ}45'S$, $45^{\circ}02'W$.

206. Die maatreëls wat reeds genoem is, verval in gevalle van uiterste nood waarby die verlies van menselewens betrokke is.

207. Wanneer fauna of flora verwyder of gedood word, moet die volgende inligting onverwyld aan die Sekretaris van Vervoer verstrek word:

(a) plek waar gedood of verwyder (lengte- en breedtegraad);

(b) spesie, geslag en ouderdom van dier of plant;

(c) getal gedood of verwyder,

(d) doel waarvoor verwyder of gedood.

208. Indien enige diere gevang en weer vrygelaat word, moet bostaande inligting nogtans verstrek word.

## XXIII. ONTSPANNING.

209. Daar is ontspanningsfasiliteite beskikbaar bv. speelkaarte, skaak, rolprente, 'n sokkerbal ensomeer. Ekspedisielede word nogtans aangeraai om sover moontlik hierby aan te vul veral wat stokperdjies betref.

210. In samewerking met die Afdeling Biblioteekdienste van die Transvaalse Provinsiale Administrasie word 'n boekery by die basis in stand gehou. Ekspedisielede word in Pretoria die geleentheid gebied om boeke van hul eie keuse uit te soek. Die Departement aanvaar aanspreeklikheid daarvoor teenoor die Administrasie. Enige boeke wat mag wegraak sal van die betrokke ekspedisielid verhaal word.

211. 'n Bibliotekaris sal deur die leier aangestel word in oorleg met die Departement. Die leensisteem is baie eenvoudig. Die Bibliotekaris moet slegs toesien dat 'n kaartjie voltooi word vir elke boek wat uitgeneem word. Dit moet die uitleendatum bevat, die naam van die lener en die datum van terugbesorging. Hierdie gegewens moet by terugkeer tot die Departement se beskikking gestel word. Dit word vir navorsing benodig.

212. Boeke bly slegs vir die duur van die aflos by die basis. Elke aflosspan neem dus sy eie leesstof saam.

213. Daar is donkerkamergeriewe by die basis beskikbaar. Afdrukpapier en chemikalieë moet egter self voorsien word.

XXIV. <u>VOORRADE-INSTRUKSIES</u>.

214. Sommige items moet noodwendig in bottels verpak word. Alle koste wat bottels bevat word met 'n swart kruis gemerk. Hierdie voorrade moet by aankoms by die basis so spoedig moontlik binnenshuis gebring word om bevriesing en bars van bottels te voorkom.

215. <u>Gassilinders</u>: Huur van R6 per gassilinder moet aan die kontrakteurs betaal word op alle silinders wat langer as 12 maande te Sanae bly. Aangesien hierdie huurgeld per silinder hoër is as die koste van die inhoud van 'n silinder moet alle gassilinders hetsy leeg of vol, aan die einde van die aflos teruggebring word. By die bestel van gasse vir die volgende aflos moet die volle beraamde benodigdhede vir die volgende aflos dus aangevra word. Aangesien die vervangingskoste van silinders hoog is moet alle moontlike stappe gedoen word om verlies of beskadiging van silinders te voorkom.

216. <u>Beddegoed</u>: Alle komberse, lakens en kussingslope vir gewone huishoudelike gebruik word jaarliks vervang. Die wat in gebruik is moet dus aan die einde van elke aflos verpak en teruggestuur word. Wat betref beddegoed vir die hospitaal word dit aan die Leier, in oorleg met die mediese beampte, oorgelaat om te besluit of dit vervang moet word. As hospitaalbeddegoed egter aan die einde van die aflos vervang moet word. moet die Departement vroegtydig daarvan in kennis gestel word mét vermelding van die items en hoeveelhede.

217. "Kilfrost" antivries is geskik vir gebruik tot minus 60°C maar dit moet onder geen omstandighede verdun word nie.

218. Bestellings vir die benodigdhede vir Sanae X moet so vroeg moontlik in 1968 geplaas word (vanaf Julie). Gebruik asseblief 'n aparte reeks nommers vir bestellings en gebruik aparte berigte vir elke kategorie volgens die paklys. Gebruik ook asseblief 'n aparte reeks vir gewone voorrade-aangeleenthede. Vergelyk vorige SVB en SV reekse onderskeidelik.

219. Artikels wat aan die einde van die aflos teruggebring word, moet in kaste verpak word en elke kas moet genommer wees. Hierdie items moet vergesel gaan van 'n verpakkingslys in viervoud waarop aangedui is:-

(a) Nommer van kas.

(b) Gewig van kas.

(c) Inhoud van kas in detail.

(d) Volledige adres van Beampte, persoon of instansie aan wie dit in die Republiek gestuur word.

(e) Beraamde waarde.

Genoemde inligting is noodsaaklik vir inklaring deur Doeane en vir distribusie en moet verstrek word nie alleen vir Staatseiendom nie maar ook vir persoonlike besittings. Kaste wat persoonlike besittings bevat, moet duidelik as sodanig gemerk word.

220. Bo en behalwe die verpakkingslys genoem in paragraaf 6 moet daar 'n oorplasingsbewys (vorm TV.1/3) ten opsigte van elke item (slegs Staatseiendom) wat teruggebring word, uitgemaak word met dien verstande dat meer as een item van <u>dieselfde</u> <u>kategorie</u> op dieselfde TV. 1/3 mag verskyn. Die boekafskrifte word in die boek by die basis bewaar terwyl die A, B en C afskrifte tesame met vier afskrifte van die verpakkingslys aan die Voorradebeampte, Kaapstad, oorhandig moet word. Om die verspreiding van die goedere wat van Sanae af teruggebring word te vergemaklik, is dit noodsaaklik dat die TV. 1/3 nommer teenoor die betrokke item op die verpakkingslys aangeteken word.

221. Die sigarette en tabak wat op staatskoste verskaf word, is bedoel vir gebruik by die basis en word vry van aksynsbelasting aangekoop. Sigarette en/of tabak wat aan die einde van die aflos oor is mag derhalwe nie na die Republiek teruggebring word sonder dat aksynsbelasting daarop betaal word nie. As 'n lid sigarette en/of tabak terugbring, moet dit afsonderlik in 'n kas verpak word met die naam van die eienaar en die inhoud daarop. Dit moet as sodanig op die verpakkingslys verskyn en aksynsbelasting moet daarop betaal word <u>voordat die betrokke lid die skip verlaat</u>. Word aksynsbelasting nie betaal nie sal die betrokke items by die Doeane-hekke gekonfiskeer word en dit stel die eienaar bloot aan vervolging en 'n moontlike hoë boete.
<u>Let wel</u>. Daar het al gevalle voorgekom waar ekspedisielede probeer het om sigarette en tabak in hulle persoonlike bagasie uit te smokkel. Doeane en Aksyns het egter die reg om bagasie te deursoek en onreëlmatighede is strafbaar met swaar boetes.

222. (1) Met die oog op die hoë koste in verband met die onderhoud van huskies op Sanae moet huskies met oorleg geteel word. Tewe moet slegs gedek word as daar gevaar bestaan dat die span onder sterkte mag kom.

(2) Daar moet egter sorg gedra word dat minstens twee tewe vir teeldoeleindes beskikbaar is en dat 'n span reuns plus 'n paar reserwes aangehou word. Wanneer enige van die huskies tekens van ouderdom of swakhede openbaar, moet die Departement onverwyld daarvan verwittig word sodat Tesouriemagtiging verkry kan word om die hond van kant te maak of van die hand te sit.

223 Spaar stel klere in geval van nood.

: . Een volledige stel klere vir elke ekspedisielid moet iewers buite die basis gebêre word en mag net in geval van nood gebruik word. Hierdie klere bly die eiendom van die Departement en sal op grootboek sterkte geplaas word. Enige uitreikings en omstandighede wanneer uitgereik moet onmiddellik aan Hoofkantoor gerapporteer word.

224. Die 35 mm. kamera en film mag uitsluitlik vir amptelike doeleindes gebruik word om tonele en gebeurtenisse van besondere belang te fotografeer.

225. Boekhouding.

Volgens Finansiële Regulasies is die Departement verplig om Uitrustingregisters te hou, dit wil sê alle voorrade wat nie as verbruikbaar beskou word nie, word in 'n Grootboek aangeteken. Hierdie registers word deur die Departement se Voorradebeampte in Kaapstad bygehou. 'n Lys van alle uitrusting wat ten opsigte van elke program op SANAE gehou word, word jaarliks aan die leier oorhandig, en daar word van hom verwag om toe te sien dat elke program se voorraad in orde is.

226. Die Fianansiële Regulasies bepaal ook verder dat daar minstens een keer per jaar 'n opname van voorrade en uitrusting gemaak moet word. Een of meer bevoegde amptenare of ander persone bygestaan deur die amptenaar in beheer van die voorrade, moet die voorraadopname uitvoer.

227. Elke jaar sal minstens een amptenaar deur die Departement gelas word om die nodige voorraadopname te doen. Dit word verwag dat hierdie persoon die volle ondersteuning van die leier asook van programhoofde sal geniet, en dat hy ten alle tye bygestaan sal word om sodoende die werk te vergemaklik en te bespoedig.

228. Dit word weereens beklemtoon dat daar oorplasingsbewyse (TV. 1/3) ten opsigte van elke item wat teruggebring word, uitgemaak moet word. Dit geld ook vir uitrusting vir die uitvoering van universiteite se programme wat apart in die grootboeke verskyn.

229. Alle uitrusting wat teruggebring word moet by die Magasyn in Leeuwenstraat, Kaapstad, ingehandig word en mag onder geen omstandighede van die RSA verwyder word sonder die toestemming van die Voorradebeampte nie.

## XXV. IMPLEMENTERING VAN KAARTREKORD TEN OPSIGTE VAN VOEDSELVOORRADE.

230. Daar is besluit om 'n kaartrekord te hou by die basis waarop inligting aangeteken moet word van die uitreiking van voedsel. Die Voorrade-afdeling is in besit van die verpakkingslys van alle voorrade en het gevolglik ook 'n volledige rekord van voedselvoorrade wat versend word.

231. Van tyd tot tyd sal van die basis vereis word om 'n opgawe in te dien van kaste wat uitgereik is en sodanige inligting sal op die verpakkingslyste in Voorrade-afdeling aangeteken word. Indien nuwe voedselvoorrade verbruik word by die basis. terwyl ouer voorrade van dieselfde soort nog beskikbaar is volgens die rekords in Voorrade-afdeling, sal die basis aangesê word om eers die ouer voorrade te gebruik. Op hierdie manier sal verhoed word dat voedsel verouder.

232. Die kaartrekords het die addisionele voordele dat kossoorte makliker opgespoor kan word, daar die kaarte alfabeties geliasseer word, en dat opgawes meer akkuraat ingedien sal kan word. Daar sal van die beampte in beheer van die voedsel verwag word om slegs die datum van uitreiking teenoor die kasnommer op die kaarte aan te bring, wat waarskynlik in die geheel slegs 'n geringe vermeerdering in sy werk sal meebring.

233. Rangskik die kaste in so 'n volgorde dat dit maklik getrek kan word, dit wil sê in kategorie- en nommerorde. Verder moet daar gesorg word dat die ouer voorrade so gepak word dat dit eers verbruik word alvorens nuwe voorrade van dieselfde soort gebruik word.

234. Soos voedselvoorrade gebruik word, word daar 'n aantekening gemaak van die datum waarop die kas oopgemaak word op die betrokke kaart. Wanneer 'n item benodig word, word die kaarte nagegaan en vasgestel of daar onder die ouer voorrade nog van die betrokke item beskikbaar is. Indien wel, word die kas waarin dit verpak is, oopgemaak en die datum aangeteken op die betrokke kaart. Indien daar nie onder die ouer voorrade van die item beskikbaar is nie, word die nommer(s) van die kas(te) onder die lopende jaar se voorrade vasgestel, die kas oopgemaak en die datum aangeteken op die kaart teenoor die betrokke nommer.

235. Stel op 31 Maart, 30 Junie en 30 November van elke jaar 'n berig saam van die voedselvoorrade wat in die voorafgaande tydperk sedert die vorige berig ingedien is, verbuik is. (Neem slegs kasnommers wat oopgemaak is en wat gevolglik as verbruik beskou kan word.) Verdeel die berig om afsonderlik voorsiening te maak vir die verskillende aflosse se voedsel, byvoorbeeld eers word onder die opskrif Sanae VII 'n lys van kasnommers van Sanae VII

- 41 - /......

se voedsel gegee wat verbruik is, daarna onder die opskrif Sanae VIII 'n lys van kasnommers wat aandui watter kaste van die voedsel van Sanae VIII oopgemaak is vir verbruik. Dit word gedoen vir Hoofkantoor se inligting sodat daar behoorlikge beheer uitgeoefen kan word oor die verbruik van ou voedselvoorrade.

236. Merk die kasnommers af op die kaart om te verseker dat dieselfde nommers nie weer in die volgende opgawe verskyn nie.

237. Hoofkantoor sal na ontvangs van die berig die kaste wat verbruik is, afmerk op 'n afskrif van die verpakkingslys. Op hierdie manier kan daar ook 'n kontrole uitgeoefen word dat nuwe voorrade van 'n betrokke item nie verbruik word alvorens die ouer voorrade van dieselfde item gebruik is nie.

238. Van alle voorrade, uitgesonderd voedsel, moet daar na ongeveer sewe maande afsonderlike berigte ten opsigte van die verskillende kategorieë ingedien word oor die benodigdhede om Hoofkantoor in staat te stel om die voorrade vroegtydig aan te koop.

239. Stel op 1 September van elke jaar 'n berig saam van voedselvoorrade wat nog beskikbaar is. Die berig moet verdeel word om voorsiening te maak vir die verskillende aflosse se voedsel en onder elke aflos moet die kasnommers aangegee word van die kaste wat nog ongebruik is. 'n Laaste seksie van die berig moet aandui wat die werklike voorrade beskikbaar is van los voorrade (kaste wat half verbruik is) dit wil sê, slegs die itemnommer moet aangegee word met die voorraad beskikbaar daarteenoor. Die inligting kan vanaf die kaarte verkry word om die berig saam te stel. Dit sal meebring dat die persoon in beheer van die voedselvoorrade ten minste een maal per jaar 'n behoorlike opname van die voedsel moet maak.

## XXVI. PLIGTE VAN KOMMISSARISSE VAN EDE.

240. Die leier en onderleier van Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisies is kragtens Buitengewone Staatskoerant No. 958 gedateer 27 November 1964 Kommissarisse van Ede. Daar moet op gelet word dat enige verklarings wat in Antarktika afgeneem is, binne 7 dae na aankoms in die Republiek van die gepaste seëls voorsien moet word.

241. Daar moet onderskei word tussen 'n beëdigde verklaring (Affidavit) en 'n plegtige of geattesteerde verklaring (solemn declaration).

242. 'n Beëdigde verklaring is 'n geskrewe verklaring wat die verklaarder bevestig deur 'n eed voor 'n gemagtigde beampte af te lê. 'n Plegtige verklaring stem in alle opsigte hiermee ooreen behalwe dat die verklaarder nie 'n eed aflê nie maar dit plegtig bevestig.

243. 'n Sertifikaat moet onmiddellik na die handtekening van die verklaarder aangebring word. Dit moet verkieslik getik wees. Indien dit nie onderaan aangebring kan word nie, mag dit agterop die dokument gedoen word. Genoegsame kantspasies moet gelaat word. Indien daar geen plek op die dokument is nie, moet die sertifikaat op 'n aparte dubbele vel papier getik word en die dokument moet daarbinne verenig word deur byvoorbeeld 'n lint waarvan die ente met lak en 'n amptelike stempel verseël word.

244. Die sertifikaat sien as volg uit:-

(a) English Version:

"The deponent, Mr./Mrs./Miss/Master ............... of whose identity I have satisfied myself by reference to his/her passport/official document of identity No. ........ dated ............., has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit (solemn declaration), which was duly sworn to (solemnly affirmed) and signed by him/her at ........................... on this ........ day of ................. 19 .... before me, .............................. (name).

..................... (usual signature of the Officer in his own handwriting).

Official seal or stamp.

..................... (designation or rank)

..................... (name of mission)."

(b) Afrikaans Version:

"Die verklaarder, mnr./mev./mej./jongeheer ........ van wie se identiteit ek myself vergewis het deur na sy/haar paspoort/amptelike identiteitsdokument nr. ......... gedateer ................ te verwys, het erken dat hy/sy ten volle vertroud is met die inhoud van hierdie beëdigde (plegtige) verklaring en dit begryp. Dit is deur hom/haar voor my, .............................. (naam), te ....... ................... op hierdie ........... dag van ...... ............ 19 ........ behoorlik beëdig (plegtig bevestig) en geteken.

...................... (gewone handtekening van die beampte in sy eie handskrif).

Ampseël of -stempel.

...................... (ampstitel of rang).

...................... (naam van missie)."

245. Die volgende prosedure moet gevolg word wanneer 'n eed afgelê word:

1. (1) Die persoon wat 'n eed aflê moet -

(a) die eerste twee vingers van sy regterhand opsteek en dié woorde uiter: "Ek sweer dat die inhoud van hierdie verklaring waar is, so help my God"; of

(b) sodanige ander gebruik of formule volg wat die kommissaris van ede oortuig is aan sodanige persoon op die duidelikste wyse die betekenis daarvan oordra en wat sodanige persoon as bindend vir sy gewete beskou: Met dien verstande dat op die beëdigde verklaring 'n aantekening gemaak word wat die gebruik of formule wat gevolg is, uiteensit.

(2) Behoudens die bepalings van enige ander wet, moet geen plegtige of geattesteerde verklaring afgeneem word nie, tensy die verklaarder onderaan sertifiseer dat hy gewetensbesware teen die aflê van 'n eed het.

(3) (a) Die verklaarder moet in die teenwoordigheid van die kommissaris van ede sy gewone handtekening in sy eie handskrif op die beëdigde of plegtige of geattesteerde verklaring aanbring.

(b) Indien die verklaarder nie kan skryf nie, moet hy in die teenwoordigheid van die kommissaris van ede sy merk in sy eie handskrif op die beëdigde of plegtige of geattesteerde verklaring aanbring: Met dien verstande dat indien diekommissaris van ede twyfel aangaande die verklaarder se onvermoë om te skryf, hy moet vereis dat

- 44 - /.....

sodanige onvermoë onderaan die beëdigde of plegtige of geattesteerde verklaring deur 'n ander betroubare persoon gesertifiseer word.

(c) Die handtekening of merk wat deur die verklaarder op 'n beëdigde of plegtige of geattesteerde verklaring aangebring is, word, totdat die teendeel bewys word, geag in die teenwoordigheid van die kommissaris van ede wat daardie beëdigde of ander verklaring geattesteer het, aangebring te gewees het.

(4) Die kommissaris van ede wat 'n beëdigde of ander verklaring attesteer, moet die verklaarder vra of hy vertroud is met die inhoud van die beëdigde of ander verklaring en dit begryp en indien hy bevestigend antwoord, moet die kommissaris van ede —

(a) onder die verklaarder se handtekening of merk sertifiseer dat die verklaarder erken het dat hy vertroud is met die inhoud van die beëdigde of ander verklaring en dit begryp;

(b) daarna skriftelik die wyse, plek en datum van attestasie van die beëdigde of ander verklaring uiteensit; en

(c) die beëdigde of ander verklaring onderteken deur sy gewone handtekening in sy eie handskrif bo sy ampstitel aan te bring en onder sy ampstitel die gebied ten opsigte waarvan hy aangestel is, sowel as sy amp, indien hy sy aanstelling ampshalwe hou, aandui.

(5) Die kommissaris van ede wat 'n beëdigde of ander verklaring attesteer, moet verseker dat die inkomstewette nagekom word en dat seëls wat by sodanige wette vereis word, behoorlik op die beëdigde of ander verklaring aangebring word.

2. Daar word nie van 'n kommissaris van ede vereis dat hy 'n eed moet afneem of 'n beëdigde of ander verklaring moet attesteer wat in 'n taal is wat hy nie verstaan nie of, tensy die beëdigde of ander verklaring vereis word in verband met vervolging weens 'n misdaad, dat hy 'n verklaring moet attesteer buite besigheidsure op besigheidsdae nie.

3. (1) 'n Kommissaris van ede mag nie 'n beëdigde verklaring of ander verklaring met betrekking tot 'n saak waarin hy belang het, attesteer nie.

(2) Subregulasie (1) is nie van toepassing ten opsigte van beëdigde of ander verklarings waarvan die Eerste Bylae melding gemaak word nie.

4. 'n Kommissaris van ede mag nie gelde vorder vir die afneem van 'n eed of die attestering van 'n beëdigde of ander verklaring nie.

XXVII. TERUGKEER NA DIE REPUBLIEK.

246. Ekspedisielede moet op die laatste gedurende Oktober laat weet indien hulle enige voorskotte op hulle Desembersalaris verlang. Daar moet duidelik gespesifiseer word of die geld na Antarktika gestuur of in Kaapstad by terugkeer gereed gehou moet word.

247. Na die aankoms van die RSA in Kaapstad sal daar geleentheid aan ekspedisielede gegee word om naasbestaandes te gaan groet. Alle ekspedisielede moet op 'n datum wat aan hulle bekend gemaak sal word, by die Departement van Vervoer in Pretoria aanmeld aangesien hulle nog sekere toetse moet afhandel.

248. Dit word van elke ekspedisielid vereis om 'n verslag oor sy werksaamhede in Antarktika by sy terugkeer in te handig.

249. Na afloop hiervan sal die ekspedisie amptelik ontbind word behalwe in die geval van ekspedisielede wat behulpsaam moet wees met die verwerking van gegewens en waar ekspedisielede se aanstellingsbriewe anders spesifiseer.

3. (1) 'n Kommissaris van ede mag nie 'n beëdigde verklaring of ander verklaring met betrekking tot 'n saak waarin hy belang het, attesteer nie.

(2) Subregulasie (1) is nie van toepassing ten opsigte van beëdigde of ander verklarings waarvan die Eerste Bylae melding gemaak word nie.

4. 'n Kommissaris van ede mag nie gelde vorder vir die afneem van 'n eed of die attestering van 'n beëdigde of ander verklaring nie.

XXVII. <u>TERUGKEER NA DIE REPUBLIEK</u>.

246. Ekspedisielede moet op die laatste gedurende Oktober laat weet indien hulle enige voorskotte op hulle Desembersalaris verlang. Daar moet duidelik gespesifiseer word of die geld na Antarktika gestuur of in Kaapstad by terugkeer gereed gehou moet word.

247. Na die aankoms van die RSA in Kaapstad sal daar geleentheid aan ekspedisielede gegee word om naasbestaandes te gaan groet. Alle ekspedisielede moet op 'n datum wat aan hulle bekend gemaak sal word, by die Departement van Vervoer in Pretoria aanmeld aangesien hulle nog sekere toetse moet afhandel.

248. Dit word van elke ekspedisielid vereis om 'n verslag oor sy werksaamhede in Antarktika by sy terugkeer in te handig.

249. Na afloop hiervan sal die ekspedisie amptelik ontbind word behalwe in die geval van ekspedisielede wat behulpsaam moet wees met die verwerking van gegewens en waar ekspedisielede se aanstellingsbriewe anders spesifiseer.

VERTROULIK.

SUID-AFRIKAANSE/BELGIESE ANTARKTIESE SOMEREKSPEDISIE 1967/68.

1. Oorhoofse beheer : M.J. Coetsee, Departement van Vervoer, Pretoria.

2. Samestelling - Somerekspedisie.

| | | |
|---|---|---|
| Koördinerende leier | - | D.J. Joubert |
| Leier S.A. Somerekspedisiegroep | - | D.C. Neethling |
| Leier Belgiese groep | - | T. van Autenboer |

Lede van Somerekspedisie:

| | Suid-Afrika | | België |
|---|---|---|---|
| 1. | C.S. Kingsley | Sanae 8 | T.A. van Autenboer |
| 2. | J.A. Retief | " 8 | W. Loy |
| 3. | A.P.H. Aucamp | " 9 | H. Decleir |
| 4. | B.R. Watters | " 9 | J. Derwael |
| 5. | R.J. Kirkland | " 8 | Cessna-loods |
| 6. | D.E. Bosman | " 9 | Otter-loods |
| 7. | W. Hodsdon | " 8 | Werktuigkundige (Cessna) |
| 8. | P.C.L. Steyn | " 8 | " (Otter) |
| 9. | Dr. H. Rode | " 9 | Fotogrammetris |
| 10. | J.W. Grobbelaar | " 9 | |
| 11. | R.B.J. van Heerden | " 8 | |

3. Samestelling - Lede van Sanae 8 en 9 wat nie aan die somerekspedisie deelneem nie:

| | | |
|---|---|---|
| Leier | D.J. Joubert | Sanae 9 |
| Onderleier | E.F.G. Rossouw | Sanae 8 |
| Lede | Dr. M. Kruger | " |
| | J.L. Steyn | " |
| | A.W.V. Poole | " |
| | F.A.J. Mocke | " |
| | J.S. van Rhyn | " |
| | A.L. Nel | " |
| | C.A. v. B. Bezuidenhout | " |
| | G.C. Coetsee | " |
| | J.M. Loots | " |
| | W.B. Meyer | Sanae 9 |
| | C.A. Spencer | " |
| | J.S. Smith | " |
| | G.J. Scholtz | " |

2. /.......

| | |
|---|---|
| D.P.J. Smith | Sanae 9 |
| W.J. van Zyl | " |
| M.H. Williams | " |
| F. Clements | " |
| G.P. de Beer | " |
| H.J. Aucamp | " |

4. Ms RSA

(a) Skakelbeampte tussen die kaptein en ekspedisielede:

Heenreis Mnr. D.J. Joubert
Terugreis Mnr. E.F.G. Rossouw.

(b) Die toewysing van kajuite sal deur die Kaptein gedoen word in oorleg met die koördinerende leier en die leier van die Belgiese groep.

(c) Die toerusting en ander voorrade wat vir die somer-ekspedisie bestem is, moet duidelik met die volgende kleure gemerk word en moet sodanig in die skip gelaai word dat dit maklik bereik kan word en sonder moeite afgelaai kan word:

Belgiese kleure : Oranje, Ligblou en Swart.
Suid-Afrikaanse kleure : Liggroen, Bruin en Bossiegeel.

(d) (i) Vertrekdatum na Antarktika 29.12.67
Vertrekdatum van Antarktika 14.2.68
Verwagte tyd van Antarktika in Kaapstad 1.3.68.

(ii) Dit word verwag dat daar so getrou as moontlik aan hierdie datums gehou sal word. Die vertrekdatum uit Antarktika sal bepaal word deur die Departement van Vervoer en dit sal finaal wees. By die oorweging van die vertrekdatum sal die Departement geadviseer word deur die koördinerende leier en die Kaptein van die RSA. Vir sover dit seetoestande betref, is die Kaptein van die RSA se oorweging finaal en geen ekspedisielid sal probeer om die Kaptein te beïnvloed nie. Sodra die vertrekdatum bekend gemaak word, sal alle vertrekkende ekspedisielede hulle onmiddellik daarna skik.

(e) Goedkeuring is aan die Nasionale Dieretuin verleen vir die verkryging van 3 paar Keiser- en Adeliepikkewyne. Kratte en voedsel sal deur die Dieretuin verskaf word. Wat die voeding betref word ongeveer 2 - 3 visse daagliks per pikkewyn benodig. Die vis moet vooraf ontdooi word deur dit in koue of louwarm water te plaas. Die voëls word met die hand gevoer deur hulle bekke oop te maak en die vis dan met die kop eerste in die keel te druk sodat hulle dit kan insluk.

3. /.......

5. Antarktika.

(a) Die Belgiese groep is verantwoordelik om die aflaaiplek vir die vliegtuie te bepaal en om die vliegtuie af te laai. Die Suid-Afrikaanse groep sal hulp verleen as hulle daarvoor gevra word.

(b) Die koördinerende leier is verantwoordelik vir die toesig oor die aflaai van alle ander goedere. Hy moet toesien dat die aflaai van die somerekspedisie se goed die hoogste prioriteit geniet.

(c) Die leiers van die somerekspedisie is verantwoordelik vir die toewysing van goedere aan elke groep van die somerekspedisie.

(d) Lede van Sanae 8 wat tot die somerekspedisie toegevoeg word, sluit by die somerekspedisiegroep aan sodra die RSA in Antarktika aankom en hulle sal help om die benodigdhede van die RSA af te laai.

(e) By die RSA se aankoms in Antarktika sluit die lede van Sanae 8 by Sanae 9 aan. Die koördinerende leier neem dan beheer oor beide ekspedisies terwyl die leier van Sanae 8 onderleier word. Hierdie reëling geld totdat die RSA weer na Suid-Afrika terugkeer.

6. Logistiese ondersteuning.

(a) Die koördinerende leier is verantwoordelik vir die verskaffing van logistiese ondersteuning aan die somerekspedisie. Alle versoeke moet aan hom gerig word. Elke versoek sal deur hom op meriete oorweeg word met behoorlike inagneming van die veiligheid van die ekspedisie en die basis en die welslae van die somerekspedisie.

(b) Geen persoon wat met ander programme besig is, sal sonder toestemming van die Departement van Vervoer by die veldekspedisie toegevoeg word nie.

(c) In die geval van nood neem die koördinerende leier beheer oor alle aktiwiteite en is alle ekspedisielede verplig om sy opdragte sonder enige teenkanting uit te voer.

7. Wetenskaplike program.

(a) Die koördinerende leier sal hom nie met die wetenskaplike program inmeng nie behalwe om logistiese ondersteuning te verleen.

4. /.......

(b) Die tydperk wat toegelaat word vir die somerekspedisie in Antarktika is 4 weke. Hierdie tydperk sal nie verleng word sonder die Departement van Vervoer se toestemming nie.

(c) Met die oog op die onsekerheid van weer- en seetoestande word dit verwag dat ekspedisielede alles in hulle vermoë sal doen om die wetenskaplike programme in 'n korter tydbestek af te handel.

(d) Die koördinerende leier sal daagliks op hoogte gehou word met die vordering van elke groep van die somerekspedisie en sal daagliks verslag aan die Departement van Vervoer doen.

(e) Alle groepe van die somerekspedisie sal twee keer per dag te wete die oggend en die aand oor hulle welsyn aan die basis rapporteer.

(f) Die basiskamp sal 'n 24 uur radiodiens beskikbaar stel.

8. Vliegtuie.

Die beheer oor die vliegtuie en die toewysing van die gebruik daarvan is gesetel by die leier van die Belgiese groep. Geen ekspedisielid sal enige reëlings met die vliegpersoneel tref sonder die uitdruklike goedkeuring van die leier van die Belgiese groep nie. Geen ekspedisielid sal 'n poging aanwend om die vliegpersoneel te oorreed om op 'n plesierrit te gaan nie.

9. Kommunikasie.

Die Departement van Vervoer en die Belgiese Telekommunikasieowerhede het ooreengekom om telegramme ten behoewe van Belgiese lede gratis te hanteer wanneer sulke berigte in enige rigting tussen Oostende Radio en die RSA gewissel word. Die Departement sal op sy beurt afstand doen van skeepsradiokoste ten opsigte van sodanige berigte tussen die RSA en België.

10. Vertrek van die RSA uit Antarktika.

(a) Die koördinerende leier is verantwoordelik vir die bepaling van die vertrekdatum van die RSA uit Antarktika. Dit word gedoen na raadpleging met die twee leiers van die somerekspedisie en die Kaptein van die RSA. Die vertrekdatum moet deur die Departement van Vervoer goedgekeur word en motivering moet verstrek word.

In die geval waar seetoestande die vertrek van die RSA noodsaak, is die Kaptein van die RSA se oorweging finaal en stel hy die Departement en ander belanghebbende partye dienooreenkomstig in kennis.

(b) ŉ Vergadering van program koördineerders, lede van Sanae 8, lede van die somerekspedisie en lede van die Japanese-ekspedisie word beplan vir 5 en 6 Maart 1968 en dit word verwag dat die RSA voor daardie tyd in Suid-Afrika terug moet wees. Ekspedisielede moet hulle planne vir hulle terugkeer na Suid-Afrika hierby aanpas.